

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Ster-status

Johannes, die banneling-apostel op Patmos, is op die dag van die Here in die Gees na die hemel weggevoer (Openbaring 1). Aanvanklik hoor hy, en later sien hy die Here Jesus Christus. Dit wat hy sien, is oorweldigend. In sy regterhand het Christus sewe sterre gehou. Die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes.

Die engele, die voorgangers in die sewe gemeentes, het ster-status. Christus gee dit aan hulle. Ster-status hou in dat die voorgangers geen lig in hulleself het nie. Hulle enigste taak is om die Woord wat hulle ontvang, te bedien.

Ster-status hou verder in dat die bedienaar moet besef dat hy oor die werk wat aan hom toevertrou word, rekenskap moet gee. Die hemelse Ampgewer gaan van sy ampsdraers, sy herders op aarde, rekenskap eis. Is die Woord bedien soos dit moes? Is die kudde gevoed met die onontbeerlike brood en water van die lewe? Is daar bemoedig en versterk, vertroue en opgebou? Is daar tegelyk vermaan en gewaarsku, getug en gesnoei?

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

Die ster, die voorganger, die herder, moet eerste wees om te hoor. En te verkondig. Die gemeente moet in die herder se stem die stem van die Goeie Herder hoor. Hulle moet toegerus word om dit wat hulle ontvang het, verder te dra.

Ster-status. Geen verhewe posisie nie, wel 'n groot verantwoordelikheid. Geen posisie om 'n ophef oor te maak nie, wel een waarvoor die gemeentes die nodige respek moet hê omdat Christus die sterre in sy hand hou. Hy spreek en regeer deur sy diensknegte. Hulle benodig voorbidding en ondersteuning, want hulle is brose erdekruike wat 'n onberekenbaar ryk skat moet dra en uitdra.

Die wêreld waarin ons leef is vol ander sterre: filmsterre, sportsterre, sangsterre. Sterretjies word op jong kleuter- en laerskoolkinders se koppe geplak as hulle 'n prestasie behaal of sommerknet iets goeds gedoen het. Vanaand, met badtyd, val die sterretjie af. Miskien kan dit behoue bly en vir nog 'n dag plak. Dan word die sterretjie met groot sorgvuldigheid na badtyd teruggesit waar juffrou dit vanoggend opgesit het. Maar vir 'n derde dag sal dit nie hou nie.

So is dit met menslike sterre. Dit kom en dit gaan. Dit skyn en dit verskiet. Hulle het almal een ding in gemeen: as hulle skitter, word daar groot ophef van hulle gemaak. Maar as die blink af is, is die val groot. 'n Ster wat verskiet het, raak in 'n oogwink vergete. Slegs enkeles bekom ikoon-status. Hulle word in die geskiedenisboeke neergepen. Hulle stervertoning word van geslag tot geslag oorgedra, dikwels met enkele stertjies by – ster-sterre.

Die verskil tussen die sterre in Christus se regterhand en die sterre wat die glanswêreld vol skitter is ooglopend. Die een wys weg van homself na sy Sender – daarin lê sy krag. Die ander doen presies die teenoorgestelde. Dit moet heeltyd die aandag op homself vestig. Die een skyn sonlig wat aan hom toevertrou is. Die ander leef vir 'n tyd in die sonnetjie van skynlig wat hy self moet maak. Die een se werk het ewigheidswaarde. Die ander se werk word deur die smeltkroes van die tyd beproef, en deurgaans tot stof gemaak. 'n Nuwe geslag oordeel krities oor die sterre van die ou tyd. Elke geslag soek sy eie sterre.

INHOUD

- | | | |
|--|--|---|
| 1 Redaksioneel
Ster-status | 10 Aktueel
Genève, Cloete en Van Blerk
<i>D Breed</i> | (reformatoriese) onderwys
<i>Prof PH Stoker</i> |
| 2 Skrifoorndenking
Ontsluier
<i>Ds E Kayayan</i> | 12 Fokus
Multikultureel hande vat
<i>Ds PJ Venter</i> | 18 Onderwys (2)
Moet nooit min van die Here dink nie
<i>RJW van der Kooy</i> |
| 4 Kerkerf
Die kerk sonder hermeneutiek?
<i>Ds RA Bain</i> | 15 Onderwys (1)
Bybelgefundeerde | 19 Persskou
Kerk, ekumene en sending
<i>Dr GJ Meijer</i> |

Christene wat die Christus van harte liefhet is sterre, begenadigde mense met Godgegewe status. Dit is geen ster-status waaroor 'n bohaai op TV en in tydskrifte gemaak

word nie. Gelukkig nie. Hierdie sterre is gewone diensknegte en diensmaagde van Hom aan Wie alle eer behoort. Hulle is bes moontlik eenvoudig in die oë van diegene

wat blink sterre soek. Maar hulle is kosbaar in die oë van Hom wat hulle in die ewigheid as sy eiendom uitverkies het.

GJM

SKRIFOORDENKING

Ds E Kayayan, Pretoria – Rietvallei

Ontsluier

Lees: 2 Korintiërs 3:7-4:6

En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is (3:18).

Want God wat gesê het dat daar uit die duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus (4:6).

Min briewe van Paulus gebruik die woord 'heerlikheid' soos die tweede brief aan die Korintiërs. Paulus verdedig in sy brief sy apostelskap teenoor diegene wat hom as 'n minderwaardige boodskapper van die Evangelie beskou. Dit is asof die apostel, voortdurend onder die indruk van sy ontmoeting met die Here Jesus Christus op die pad na Damaskus verkeer: die heerlijkheid wat daar aan hom geopenbaar is, en die lig wat hy gesien het sou van nou af altyd by hom bly. Hy sou daaruit lewe; dit, en nie sy kragtige dade of woorde, sou die bron van sy bestaan word. Hy sou selfs roem oor sy eie swakheid, oor die ellendes en vervolgings waardeur hy moes gaan, juis om die kontras groter te maak met hierdie lig, en alle krediet te gee aan die Here waaruit hierdie lig uitstraal. Hy het in hoofstuk drie aan die Korintiërs geskryf: 'Nie dat ons uit onself bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God' (vers 5). Die res van sy lewe op aarde sou Paulus tydig en ontydig van hierdie

heerlikheid en van hierdie lig getuig. In ons teksgedeelte doen hy dit deur drie beslissende faktore onder die aandag van sy lesers te bring:

- God alleen, deur sy Heilige Gees, bring verligting in harte wat anders ongelowig bly.
- Hierdie heerlike lig straal uit die persoon van Jesus Christus, die verheerlikte Seun van God en die voltooiër van die Wet.
- Om hierdie heerlike lig te aanskou bring verandering in ons lewe, en laat ons van gedaante verander, na die beeld van Christus Self.

'n Sluier word weggevat

Om die lig te sien moet 'n sluier weggevat word, wegval. 'n Mens skep nie die lig deur sy eie rede en slim redenasies nie, soos die filosofie van die 18de eeu – die sogenaamde 'Verligting' – beweer het nie. Ook vervang talle hedendaagse teoloë al hoe meer die verligting van die Heilige Gees met die verligting van hierdie filosofiese denke, waar die menslike rede voorgee om self betekenis aan alles toe te ken. Dan beskou hulle hul mentale konstruksies as dié lig vir vandag se mense.

Paulus bring 'n heel ander boodskap: die lig is daar voordat jy daar is, maar jy kan dit nie sien, totdat die sluier wegval nie. In die begin het God die lig geskep, en Hy is ook die een wat die verligting in ons harte bring: 'Want God wat gesê het dat daar uit die duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die

verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus'. Die sluier wat wegval het voorheen die heerlijkheid van Christus bedek. Die Israeliete kon dit nog nie aanskou nie. Paulus weet dit uit dit wat met hom gebeur het: voordat Jesus Christus Homself aan hom op pad na Damaskus geopenbaar het, toe hy nog besig was om die jong christene te vervolg, het hy gedink hy sien duidelik die waarheid wat in Moses se wet vervat is en wat God se perfekte wil vir die mens bevat. In werklikheid was hy blind; dit is asof hy 'n sluier gedra het. Hy het die kern van God se perfeksie in die wet gemis, en selfs met geweld verwerp. Toe straal so 'n heerlike lig, 'n lig soveel sterker as die gewone daglig, dat hy blind geword het en gedwing is om vir drie dae in die donker te peins oor die woorde wat die Here gespreek het. As dit nie was vir Ananias wat aangesê is om sy hande namens die Here op Saulus te gaan lê nie, sou hy net so blind gebly het. Luister egter na Handeling 9: 'En Ananias het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word. En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop' (vers 17-18).

Ja, eers toe Saulus deur die Heilige Gees vervul is, en Christus bely het, het die sluier van sy oë afgeval.

‘n Oortreffende heerlijkheid

Christus kan alleen in sy heerlijkheid aanskou word wanneer hy aanvaar en geglo word vir wie Hy is, volgens sy eie woorde: Hy is die voltooiër van die wet en deur sy Gees gee Hy lewe daaraan. Sonder die Gees van Christus is die wet wat God aan Israel gegee het in ons harte dood. Dit veroorsaak ons dood omdat ons onder sy oordeel staan. Om sy punt te maak haal Paulus ‘n gedeelte uit Eksodus 34 aan en verduidelik aan die hand daarvan die verhouding tussen die heerlijkheid van die Ou Verbond en dié van die Nuwe Verbond. ‘En toe Moses van die berg Sinaï afdaal – die twee tafels van die Getuïenis was in die hand van Moses toe hy van die berg afdaal – het Moses nie geweet dat die vel van sy gesig blink omdat hy met Hom gespreek het nie. En toe Aäron en al die kinders van Israel Moses sien, het die vel van sy gesig geblink! Daarom was hulle bevrees om naby hom te kom. Maar Moses het hulle geroep, en Aäron en al die owerstes in die vergadering het na hom teruggekom; en Moses het met hulle gespreek. En daarna het al die kinders van Israel nader gekom, en hy het hulle alles beveel wat die Here met hom gespreek het op die berg Sinaï. Toe Moses klaar met hulle gespreek het, het hy ‘n sluier oor sy gesig getrek. Maar as Moses voor die aangesig van die Here kom om met Hom te spreek, neem hy die sluier weg, totdat hy uitgaan. As hy dan uitgaan en aan die kinders van Israel meedeel wat hom beveel is, sien die kinders van Israel die gesig van Moses, dat die vel van Moses se gesig blink; daarop trek Moses dan weer die sluier oor sy gesig, totdat hy ingaan om met Hom te spreek’ (vers 29-35).

Wat hierdie gedeelte uit Eksodus 34 openbaar, is dat Moses, wat direk met God gepraat het, se gesig – so te sê – verheerlik is elke keer as hierdie ontmoeting met die Here plaasgevind het. Die glans van sy gesig is wel deur die Israëliete aanskou, as ‘n teken dat hy die Here ontmoet het, maar onmiddellik nadat hy aan hulle oorgedra het wat die

Here vir hom beveel het, het hy homself met ‘n sluier bedek, tot die volgende ontmoeting met die Here. Paulus gee vir ons die sleutel om hierdie gedeelte te verstaan in die perspektief van die vervulling deur Christus: Moses se bediening van die wet was ‘n heerlike een, soos sy stralende gesig duidelik gewys het. Hy het mos woorde van die almagtige Here direk van Hom ontvang en dit aan die volk oorgedra.

Tog was daar in hierdie heerlijkheid ‘n onvoltooide, ‘n voorlopige karakter, wat genoodsaak het dat hy sy gesig moes bedek. Hy kon nie op permanente wyse sy gesig vir die Israëliete wys nie, want die stralende heerlijkheid wat sy gesig weerspieël het, het stelselmatig afgeneem, totdat hy weer met die Here gepraat het. God se heiligheid en heerlijkheid kon dus nie permanent op die gesig van Moses gesien word nie, want in Moses se bediening was daar juis iets wat nie bedoel was om permanent te bly nie. Daarom skryf Paulus in vers 12 en 13: ‘Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid; nie soos Moses nie, wat ‘n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie’. Iets beter moes nog kom: die heerlijkheid wat permanent bly en dus soveel meer vrymoedigheid vir ons meebring, is die bediening van Jesus Christus, die voltooiër van die wet, die volkome Middelaar, Immanuel (God met ons) waarvan Paulus ‘n apostel geword het. Indien iemand Christus egter nie as die doel, die perfeksie en die vervulling van die wet wil sien nie, lê daar steeds, sê Paulus, ‘n bedekking oor sy hart. Dit is die geval met die Jode wat hulleself nie tot Christus bekeer nie: ‘Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar ‘n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer

is, word die bedekking weggeneem’ (vers 14-16).

Christus se heerlijkheid aan ons meedeel

In vers 18 bereik Paulus ‘n eerste hoogtepunt in hierdie gedeelte: ons almal wat in Christus glo, aanskou nou sy heerlijkheid soos Moses met die Here. Dit is nie meer een mens se tydelike voorreg nie – Moses alleen as middelaar tussen die Here en die volk – maar elke gelowige se permanente voorreg. Ons aanskou sy heerlijkheid op ‘n permanente manier; geen beter openbaring van God is vir ons te wagte nie. Nog meer: deur Christus se heerlijkheid te aanskou soos in ‘n spieël, deur intens daarop te fokus, word ons stelselmatig na dieselfde beeld verander. Deur al ons aandag aan hom te gee, groei ons in volmaaktheid. Maria se voorbeeld is hier ter sprake: toe Jesus by haar en by Martha kom bly het, het sy aan die voete van Jesus gesit en na sy woorde geluister. Haar fokus was op Hom alleen. Oor haar het Jesus aan sy besorgde suster gesê: ‘Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie’ (Lukas 10:42).

Jesus Christus is dus ons sentrale fokus omdat hy die uitdrukking van God se perfeksie, heiligheid en volmaaktheid is, die ‘lig uit die lig’ soos die belydenis van Nicea dit stel. As sodanig is hy ook die hart, die kern van God se wet. In sy kommentaar oor die woorde van vers 17 (‘Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid’) merk Calvyn op dat al die mooi dinge wat Dawid in die Psalms oor die wet sê (hoe volmaak dit is, hoe die oë daardeur verlig word, ensovoorts) regtig van toepassing is wanneer die wet deur Christus lewendig gemaak word. As Christus egter daaruit weggevat word, is dit heeltemaal soos Paulus dit beskryf: ‘n bedeling en bediening van dood. Daarom is Christus die lewe van die wet, sê Calvyn. Hy voeg daarby: ‘wat van die Wet geskryf is, is van toepassing op die hele Skrif; wanneer dit nie verstaan word as ‘n verwysing na

Christus, sy een doel en sentrum nie, word die Skrif verdraai en gekorruppeer’.

Die sinne wat verblind is

Wat dan van dié wat dit nie insien nie? Paulus se antwoord is baie direk: ‘Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie’ (4:3-4). Net soos God alleen in ons harte kan skyn om die verligting te bring van die kennis van sy heerlijkheid in die aangesig van Jesus Christus, net so kan die prins van die wêreld die sinne van mense verblind. Natuurlik nie dat hy die mag het om te kan verblind wie hy wil nie, asof God kyk hoe sommige verblind word terwyl ander sien, en dit val buite

sy beheer. Nadat hy die blinde man genees het, het Jesus in Johannes 9 gesê: ‘Tot ‘n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, en die wat sien, blind mag word’ (vers 39).

Dáár lê ook die misterie van die verligting van die Heilige Gees, wat deur ‘n soewereine besluit van God in sommige mense van krag word, en nie in ander mense nie. Die verwerping van die heerlike Evangelie deur sommige word egter hoegenaamd nie veroorsaak deur die feit dat die Evangelie duister of onduidelik sou wees nie. Inteendeel! In die aangesig van Jesus Christus, sê Paulus, het God sy heerlijkheid vir ons geopenbaar. Niemand kon ooit iets duister of donker in die persoon van Jesus Christus vind nie. Deur sy hele bediening was dit net lig; stralende en genesende lig!

Vir ons sê hierdie Skrifgedeelte ook dat ‘n sluier weer op ons oë

kan val indien die persoon van Jesus Christus nie aanskou word vir wie Hy is nie; indien sy werk as voltooiër van die wet, aan wie Hy lewe gee in ons harte, nie erken word nie; indien ons nie aan Hom die sentrale plek in God se openbaring toeken nie. Indien Hy in die agtergrond van ons kerklike lewe geskuif word, word ons verblind. Indien sy eie woorde oor wie Hy is, en hoe die Skrif van Hom getuig, bevraagteken en geminag word, het ons die prooi geword van die god van hierdie wêreld, wat die sinne van die mense verblind. Mag dit egter so wees dat deur sy aangesig daagliks te aanskou, ons die heerlijkheid van God ook sal kan sien, en daardeur getransformeer sal word tot dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid! Dit is ons hoogste doel hier op aarde en ook ons enigste bron van hoop.

KERKERF

Ds RA Bain, Potchefstroom

Die kerk sonder hermeneutiek?

In die September/Oktobre 2007-uitgawe van *Waarheid en Dwaling* is die eerste van drie referate wat tydens die byeenkoms van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel gedurende September 2007 gehou is, gepubliseer. Dit het gehandel oor die hermeneutiek onderliggend aan die vraagstuk oor homoseksualisme¹.

Hiermee word die tweede referaat² deurgegee. Die volledige titel daarvan is: *Hulle het hul tekens as tekens opgestel - enkele gedagtes oor hermeneutiek en die vraagstuk rondom vrouens in die besondere dienste*. Die titel is ontleen aan Psalm 74: ‘hulle het hul tekens as tekens gestel’ (vers 4b); ‘ons sien nie meer ons tekens nie’ (vers 9a).

Ds Bain werk tans aan ‘n vervolgartikel waarin hy die denke van prof S Greijdanus oor hierdie onderwerp, soos verwoord in sy boek *Schriftbeginselen ter Schriftverklaring*, gaan weergee.

In ‘n volgende uitgawe van *Waarheid en Dwaling* sal die derde VGL-referaat van teologiese student Cobus Rossouw oor hermeneutiek en verbond gepubliseer word.

Hermes en Hermeneutiek

In gereformeerde kringe word daar dikwels gepraat van die *hermeneutica sacra*. Veral Greijdanus³ bepleit ‘n duidelike onderskeid tussen die heilige hermeneutiek en die algemene hermeneutiek. Trouens, vir Greijdanus is die heilige

hermeneutiek geen onderdeel van die algemene hermeneutiek nie. Die reëls vir Skrifverklaring moet in die Skrif self gesoek word. Dit is die uitgangspunt van hierdie artikel dat hermeneutiek nie ‘n oorkoepelende term kan wees wat die teologie insluit nie. Dienooreenkomstig word die term hermeneutiek gebruik as die benoeming van interpretasiekunde wat duidelik onderskei moet word van die wetenskap van Skrifverklaring.

1 Die referaat is deur prof GJC Jordaan van die Teologiese Skool Potchefstroom gelewer en vir publikasie in *Waarheid en Dwaling* verwerk.

2 Hierdie is ‘n verwerkte weergawe van die oorspronklike referaat. Die referaat soos wat dit deur ds Bain voorgedra is, kan by die administrasie van *Waarheid en Dwaling* (inligting op die agterblad) bekom word.

3 *Schriftbeginselen ter Schriftverklaring*. 1946. p 11,12.

Wanneer 'n mens die begrip hermeneutiek en sy geskiedkundige ontwikkeling nagaan blyk dit dat die term 'hermeneutica sacra' met baie groot omsigtigheid gebruik moet word. Dit word deur sommiges aanvaar dat die begrip hermeneutiek sy oorsprong by die Griekse god Hermes het wat die vertaler van die gode se boodskappe aan die mense was. Hermes was een van drie Griekse gode wat ongehinderd in die onderwêreld kon kom. Die Grieke het vir Hermes beskou as die god wat taal en skrif ontdek het om as gereedskap te dien waarmee die menslike verstand betekenis kan begryp en ook aan andere kan oordra.

Hy was dus volgens die Grieke ook die god van taal. Verder is hy verbind aan diefstal en swendelaary. Aangesien hy die swendelaargod was, het hy diegene aan wie hy boodskappe gegee het dikwels mislei en die boodskappe gewaninterpreteer. Sodoende is daar volgens die Grieke nie iets soos klinkklare betekenis nie, aangesien Hermes altyd 'n aandeel in die vertolking van die boodskap gehad het.

Die Griekse wysgere het hulle ondersoek na die interpretasie van tekste dienooreenkomstig as hermeneutiek bestempel.

Algemene hermeneutiek vermeng met Skrifverklaring

Langs hierdie lyn van die Griekse hermeneutiek het die unieke lyn van die verklaring van die Ou Testament geloop soos wat dit deur die priesters beoefen is⁴. Later het daar by die Joodse rabbi's twee lyne ontwikkel, naamlik dié van die Palestyns-Babiloniese rigting en die Aleksandryns-Hellenistiese rigting⁵.

Na die koms van Christus en die boekstaving van die Nuwe Testament het die Griekse denke al hoe dieper inweë in die kerk begin maak. Die kerk het dus van die begin af 'n ontsaglike stryd gehad om haar te ontworstel aan die Griekse denke. Dink aan al die dwalinge rakende die Drie-eenheid en die twee nature van Christus

en ook die gnostiek. Spore van die Griekse denke wat die kerk binnegesypel het word duidelik by die geskrifte van die kerkvaders gevind asook by die twee skole vir Skrifverklaring in die vroeë kerk, naamlik die Aleksandrynse en die Antiocheense skool.

Die Roomse kerk en die Hellenisme

Met die opkoms van die Rooms-Katolisisme het die kerk die Griekse kultuur volkome begin assimileer en uiteindelik selfs gekanoniseer. Trouens, dit is een van die Roomse kerk se groot beskuldigings teen die Reformasie dat die reformatore naïef probeer het om die kerk en die Griekse denke van mekaar te skei. Pous Benedictus die 16de het in sy rede van 12 September 2006 by Regensburg daarop gewys dat die *Sola Scriptura* van die Reformasie die eerste tree tot die dehellenisering van die christendom was⁶. Dit is belangrik om daarop te let dat die pous erken dat die Reformasie met sy terugkeer na die Skrif en afgee van die Griekse denke die groot breekpunt tussen die Protestante en Rome was.

Natuurlik beskou die Pous hierdie dehellenisering as 'n agteruitgang vir die kerk aangesien die Roomse Kerk die Hellenisme nooit wou afgee nie. Dit wat die Reformasie gedoen het is volgens die Pous geradikaliseer deur Immanuel Kant toe hy geloof gereduseer het tot die praktiese rede. Die dehellenisering van die Reformasie was volgens die Pous dus die eerste tree tot die ondergang van die kerk. Van daar spring die Pous na die liberale teologie van die 19de en 20ste eeu as die tweede stap in die dehellenisering van die christendom. Uiteindelik is hierdie dehelleniseringsproses – volgens hom – deur die moderne wetenskap tot sy uiterste gevoer.

Alhoewel die Pous se voordrag spesifiek oor die geloof/wetenskap kwessie gehandel het, is dit van kardinale belang vir die gesprek oor hermeneutiek. Die konsekwensie van dit wat Benedictus 16 gesê

het is dat die Reformasie met sy *Sola Scriptura* ook die Griekse hermeneutiek agtergelaat het. Wat hy egter nie noem, is dat die Roomse kerk met sy gehelleniseerde hermeneutiek die aanbidding van die heiliges, die aflaat, vagevuur en die totale verwoesting van die evangelie kon afkondig as openbaring aangesien die Pous die kerk se hermeneut is.

Hellenisme buite die Roomse kerk

Pous Benedictus 16 begaan nog 'n fout, naamlik dat Immanuel Kant se denke nie op dehellenisering nie, maar op die rehellenisering van die christendom uitloop – dié keer sonder 'n pous. Waar die Reformasie radikaal met die Hellenisme gebreek het, keer Kant eintlik weer daarna terug met sy verabsoluttering van die rede. Kant aanvaar geen openbaring nie en gevolglik word die werklikheid bepaal deur die mens se voorverstaan van iets. Volgens Ramm was Kant se filosofie die eintlike hoeksteen vir die liberale teologie, omdat hy die konsepte oor God (soos hy dit noem) in die rede alleen probeer vind het⁷.

Schleiermacher se teologie vertoon noue bande met Kant. Hy wil die teologie weer 'n redelike wetenskap maak en plaas sodoende die mens met sy rede in die sentrum. Geloof het nie meer gehandel oor openbaring nie, maar oor menslike ervaring waarin die menslike rede sentraal staan⁸. In sy hermeneutiek dra hy dus die Kantiaanse idee dat die verklaring van die Skrif redelik moet wees, maar ook subjektief is.

4 Vir 'n bondige samevatting van die geskiedenis van Skrifverklaring kan Kaiser se samevatting daarvan gelees word in *An Introduction to Biblical Hermeneutics*. 1994. Walter C Kaizer & Moises Silva. p 211-227.

5 Philo van Alexandrië het self ook verstrengel geraak in die Hellenistiese denke as 'n eksponent van die Aleksandryns-Hellenistiese skool. Sien S Greijdanus, *Schriftbeginselen ter Skrifverklaring*. p 146-147.

6 Apostolic journey of his holiness Benedict XVI to München, Altötting and Regensburg. Aula magna of the university of Regensburg. Tuesday, 12 September 2006. Faith, reason and the university, memories and reflections. Verkrygbaar by www.vatican.va.

7 Ramm, B. 1976. In *Tensions in Contemporary Theology*. Gyndry, SN & Johnson, AF. p 19.

8 Ramm, B. p 19.

Verdere ontwikkelinge

Rossouw toon oortuigend aan dat die ontwikkeling in die filosofiese hermeneutiek veral aan Friedrich Schleiermacher, Wilhelm Dilthey en Martin Heidegger gekoppel moet word⁹. Een van Wilhelm Dilthey se groot werke in teologiese konteks is sy biografie oor Schleiermacher. Daarom is dit nie vreemd dat hy die perspektief van Schleiermacher oor hermeneutiek aansienlik verruim het nie. Vir Dilthey is die verstaan van sin altyd relatief tot die hede waarin die verstaner hom bevind¹⁰.

Dilthey se denke het weer die basis gevorm vir Husserl se fenomenologie en die eksistensialisme van Martin Heidegger. Waar Dilthey die hermeneutiese ervaring gesoek het in die historiese bewussyn, gaan Heidegger veel verder. Hy laat die hermeneutiese ervaring saamval met die mens se bewuswording van die werklikheid as sodanig. Interpretasie is self 'n wyse waarop die werklikheid verskyn. Daarom is filosofiese hermeneutiek die ontologie (synsleer) van die menslike bestaan¹¹.

Heidegger se 'Dasein'

Om die menslike bestaan aan te dui gebruik Heidegger die Duitse woord 'Dasein'. 'Dasein' as verstaansgebeurtenis is 'n kwessie van selfverstaan. Rossouw skryf verder: Selfverstaan is selfverwerkliking waarin die eie werklikheid in werking gestel word. Maar dit het die karakter van 'n ontwerp, 'n kan-wees, 'n projeksie van 'n moontlikheid. Sinwording en sinsduiding is onvoltooibaar, omdat dit noodwendig aan die toekoms gekoppel is¹². Heidegger het met sy hermeneutiek die ganse landskap vir hermeneutiese besinning ingrypend beïnvloed. Dit moet duidelik gesien word hoedat dit alles by Kant begin het. Van verdere belang is dat Heidegger weer teruggryp na die Griekse filosoof, Heraclitus, wat die *Logos* as onkenbaar beskou en dat die hele werklikheid in 'n toestand van vloeibaarheid is.

Derrida en die uitgeslote ander

Ter wille van latere verwysing moet daar kortliks gelet word op een van die gevolge van Heidegger se hermeneutiek soos deur Jacques Derrida uitgewerk as 'n hermeneutiek van taal. Hy staan bekend vir sy filosofie van dekonstruksie waarin die term *Différance* beteken om te verwys en om te verskil. Wanneer iets van iets anders verskil verwys dit alreeds daarna. Verwysing beteken ook alreeds verskil. Die ontplooiing van betekenis is daarin geleë dat alle verskille en alle ooreenkomste opgeneem sal word. Derrida soek dus voortdurend na die uitgeslote ander in die daarstelling van harmonie¹³.

Hierin staan die selfverstaan en selfverwesenliking van Heidegger weer voorop asook die vloeibaarheid van die werklikheid en die onkenbaarheid van die *Logos* soos 'n mens dit by Heraclitus vind. Die uitgeslote ander moet ingesluit kan word om betekenis te ontwikkel. Daar is dus nie 'n unieke woord nie, daar is nie *kerugma* (verkondiging) in 'n woord nie.

Al lyk Derrida se taalfilosofie dalk vir ons hoe irrelevant, het sy taalfilosofie die teologie met verskeie vrae bestook wat beantwoord moes word. Dit blyk ook dat die hermeneutiek na Heidegger altyd sou bly worstel met die vraag na selfverstaan en selfverwesenliking as 'n onvoltooide en altyd voorlopige proses. Die waarheid bly dus voorlopig omdat die mens se bestaan dit bepaal. Die *Logos* is in wese onkenbaar omdat die werklikheid in 'n toestand van vloeibaarheid verkeer.

Teologie binnegedring

Waar gereformeerdes dikwels ontkennend gestaan het of onkundig was oor die invloed van die filosofiese hermeneutiek in die teologie is die neiging by die Duitse, Franse en Switserse teoloë om eerder hulle sterk verbintenis met die eksistensialisme van byvoorbeeld Heidegger en Kierkegaard te erken. Die bekendste voorbeelde is dié van

Bultmann en Tillich wat Heidegger se grootse invloed op hulle werk erken het¹⁴.

Gereformeerdes het oor die algemeen ook baie afwysend gestaan teenoor die teologie van Bultmann en daarmee saam die hermeneutiek van Heidegger. Dit beteken egter nie dat die filosofiese hermeneutiek nie op 'n ander wyse inslag in die gereformeerde teologie gevind het nie. Ramm beweer dat die filosofiese invloed op die teologie in Amerika, Engeland en Swede meer vanuit die taalfilosofie gekom het¹⁵. Dit beteken dat hulle skrikkerig was vir Bultmann, maar baie gemakliker was met sy dissipels wat hulle met die aard van taal besig gehou het. Twee bekende voorbeelde is die van Ebeling en Fuchs.

Dit is opmerklik dat die Duitse teoloë, Ebeling en Fuchs, juis hulle hermeneutiek afgestem het op taalfilosofie. Ebeling sê: Hermeneutiek as die teorie van verstaan is die teorie van woorde en ook dat teologiese hermeneutiek die geloofsdoktrine van taal is¹⁶.

Teologiese hermeneutiek nie meer net Skrifverklaringsbeginsels nie

Sodoende is die teologiese hermeneutiek nie meer die bestudering van die reëls en

9 Rossouw, HW. 1981. *Wetenskap, Interpretasie, Wysheid*. p 22.

10 Rossouw, HW. p 39.

11 Heidegger het nie die Griekse denke nagelaat nie, maar verby Plato teruggespring na Heraclitus wat die *Logos* as veranderlik beskou het. Heraclitus se filosofie is gekenmerk deur die uitdrukking wat in Plato se *Cratylus* gevind word: 'alles vloei en niks word onveranderd gelaat nie'. Vanaf Heidegger het die hermeneutiese nadenke ten diepste met die beginsel gewerk dat die sin van die werklikheid veranderlikheid is.

12 Rossouw, HW. p 48.

13 Dit is hier belangrik om Derrida en Heidegger se sterk bande met Heraclitus raak te sien wat gewerk het met 'n doktrine van die eenheid tussen teenoorstaandes in die soeke na harmonie. Sien *Hussey in Language and Logos. Studies in ancient Greek philosophy*. Cambridge University press. Cambridge. 1982. p 42,43.

14 Ramm, R. 1970. *Protestant Biblical Interpretation: A Textbook of Hermeneutics*. p 37.

15 Ramm, R. p 37.

16 Palmer, Richard E. 1969. *Hermeneutics: Interpretation Theory in Schleiermacher, Dilthey, Heidegger, and Gadamer*. Northwestern. p 47.

beginsels vir Skrifverklaring nie. Teologiese hermeneutiek dink ook nie net meer na oor die verstaan van tekste nie. Ook die teologiese hermeneutiek het verander in die nadenke oor verstaan as sodanig. Thiselton skryf: *Hermeneutics raises prior and more fundamental questions about the very nature of language, meaning, communication and understanding. The subject thus involves an examination of the whole interpretative process.*¹⁷

Die teologiese hermeneutiek is daarom beslissend verander deur die filosofiese hermeneutiek. Thiselton beweer dat die teologiese hermeneutiek nooit weer van hierdie breër en tog fundamentele vrae geïsoleer kan word nie¹⁸.

Die teologiese hermeneutiek word alles-bepalend

Oor die afgelope ses dekades het die teologiese hermeneutiek ontwikkel vanaf 'n hulpwetenskap, wat beginsels vir korrekte Bybelverklaring neerlê, tot 'n selfstandige mede-wetenskap wat alle teologiese arbeid onder die loep neem. Hermeneutiek het eintlik verander in meer as net 'n mede-wetenskap. Die teologie het die objek geword waardeur die hermeneutiek bestudeer word.

JM Robinson druk die nuwe hermeneutiek¹⁹ uit as iets wat alles omvat waarmee die teologie haarself besig hou en as 'n tipe 'taalbeweging'. Gerhard Ebeling het al in 1950 gesê dat hermeneutiek die brandpunt van die teologiese probleme van vandag is²⁰. De Jonge praat selfs van hermeneutiese teologie²¹.

Dit het al hoe meer begin blyk dat die hermeneutiek nie meer verantwoording moet doen aan die teologie of selfs die Woord nie, maar dat die teologie verantwoording moet doen aan die hermeneutiek. Teologie kon nie meer al die hermeneutiese voorrae ontsnap nie. Sodoende het die hermeneutiek die 'archimedes-punt' in die teologie geword – die verwysingspunt wat die hele teologiese arbeid bepaal.

Die teologiese hermeneutiek en sy waarheidsbeskouing

Die teologiese hermeneutiek as bepalende wetenskap, se wortels kom uit die tyd van die modernisme. Ons beleef vandag eintlik nie die tydvak van die post-modernisme nie, maar soos prof JM Vorster van die Teologiese Skool op Potchefstroom eens tereg gesê het: die tydvak van die neo-modernisme. Die hermeneutiek waarmee daar vandag geopereer word is dus nie post-modernisties nie, maar neo-modernisties.

Dit beteken dat die hedendaagse hermeneutiek onbreekbare bande met die modernisme het, al vanaf Kant. Die neo-moderne era word egter gekenmerk deur waarheid wat vervaardig en geskep word deur jou voorverstaan. Dit is die gevolg van Kant en veral Heidegger wat soos Heraclitus die kenbaarheid van die *Logos* afgegee het.

Van die post-moderne hermeneutiek se waarheidsbeskouing sê Marius Herholdt die volgende: *'Truth lies rather within the relationship of the reader with the text. Truth is therefore not prefabricated, but dynamic and co-determined by the needs, presuppositions, religious background and cultural heritage that the person brings to the Bible'*²². Waarheid is dus self in 'n toestand van vloeibaarheid, soos die werklikheid.

Wat alles nog verder vererger, is TS Kuhn se teorie oor paradigmas en paradigmaskuiwe binne die wetenskap wat ook deur die teologie oorgeneem is. Dink aan Van Huysteen se bekende werk 'Teologie as kritiese geloofsverantwoording', waarin hy die teologie se wetenskaplikheid probeer red; terselfdertyd verval hy in 'n teologie van voorlopigheid en die soeke na waarheid.

Gereformeerdes ook in gevaar

Die gereformeerdes wou – uiteraard – nie die openbaring afgee nie; hulle wou eerder werk

met 'n gesonde en versigtige kruisbestuwing. Dalk sit die gedagte van die algemene genade daaragter dat die kerk miskien ook iets by die ongelowiges kan leer oor Skrifverklaring. Ongelukkig het die gereformeerdes na hierdie kruisbestuwing ook met 'n voorlopige hermeneutiek, 'n nederige hermeneutiek, 'n hermeneutiek van paradigmaskuiwe begin worstel. Die sondegebrokenheid van die leser het dit haas onmoontlik gemaak dat die waarheid toegeëien en bely kan word. Die gereformeerde teologie word dus al hoe dieper gedompel in 'n soeke na selfverstaan, in 'n poging om die Woord te verstaan.

'n Hermeneutiek het by gereformeerdes posgevat waarin jy nie kan ontsnap aan die gedagte dat die subjek in sy sondigheid die teks net meer geldig en minder geldig kan verstaan nie. Hulle erken dat God se Woord waar is, maar my interpretasie van die Woord is nie noodwendig waar nie; dit is eerder meer of minder geldig, meer of minder geloofwaardig.

Hierdie hermeneutiek klink nederig, maar dit tas die aard en gesag van openbaring aan. Die ontsagwekkende wonder dat die Woord vlees geword het, dat God Homself openbaar, dat God die probleem opgelos het, het gereformeerdes weer reg van voor 'n probleem gemaak. Openbaring was God se almagtige oplossing waarvan ons opnuut 'n probleem gemaak het.

17 Thiselton, AC. 1988. In *New Dictionary of Theology*. Intervarsity Press. Leicester. p 293.

18 Thiselton, AC. 1988. In *New Dictionary of Theology*. Intervarsity Press. Leicester. p 297.

19 Die begrip 'nuwe hermeneutiek' het sy oorsprong in veral die werk van Ebeling en Fuchs. Fuchs publiseer in 1965 'n opstel met die naam 'Alte und neue Hermeneutik' (De Jonge, 1986:74). Die nuwe hermeneutiek dui op die oorgang van beginsels vir Skrifverklaring na die ondersoek van verstaan as sodanig.

20 In *The Significance of the Critical-Historical Method for Church and Theology in Protestantism*.

21 Teologie als Hermeneutiek. In *Revolte in de Theologie*. 1968. p 78.

22 M Herholdt. 1998. Postmodern hermeneutics. In Maimela, S en König, A eds. *Initiation into theology and hermeneutics. The rich variety of theology and hermeneutics*. Pretoria: Van Schaik. p 467.

Al wil gereformeerdes nie slagoffers van die relativisme wees nie kan hulle nie anders nie as om te werk met die begrip van nederige hermeneutiek waarin jou eksegetiese arbeid voorlopig is en deel is van 'n spesifieke paradigma.

Een manier om hierdie voorlopigheid te versag is om saam te stem oor die waarheid. As ons kan saamstem moet dit tog waar wees, al is dit net vir nou. Dan is ons egter weer by Dilthey en Hegel se kollektiewe gees. Die waarheid is geleë in die veelheid van mense. Mense regeer die waarheid dan met die opsteek van die hand; *demoskratos* en nie meer *Christokratos* nie. Die gedemokratiseerde waarheid bly egter altyd voorlopig want dit is 'n standpuntinname in 'n bepaalde konteks.

'n Babelse verwarring

AA van Ruler het op 'n stadium gesê dat diegene wat hulle voortdurend met die hermeneutiek besig hou, van die dors sterf²³. Van Ruler sien dalk nie die gevaar nie, maar eerder die sinneloosheid van al die hermeneutiese gesprekke as dit op die teologie toegepas word. Die hermeneutiek het inderdaad ontaard in 'n gebabbel in die Babelse sin van die Woord.

Wat in die liberale teologie gebeur het en oorgespoel het na die gereformeerde teologie is ook 'n Babelse verwarring. Die kritiese teologie met sy hermeneutiek en wetenskapsfilosofie wil niks hoor van openbaring soos wat die reformatore dit bely het nie. In 'n sekere sin is die kritiese teologie weer terug by Rome waar die menslike rede sy eie openbaringskep. Om, soos Rome, te glo dat Maria 'n sondelose middelaar is, of om te glo dat Christus nie fisies opgestaan het uit die dood nie, is beide die afgee van openbaring.

Daarom is Pous Benedictus die 16de verkeerd om te beweer dat die liberale teologie die kerk gedehelleniseer het en die gevolg van die Reformasie is. Juis die teendeel is waar. Martin Heidegger verbind die

hermeneutiek ten nouste aan Hermes as die een wat die mens deur taal tot 'n verstaan van iets bring. Heidegger se hermeneutiek berus op die Griekse denke van ouds; sy hermeneutiek het die liberale teologie radikaal beïnvloed. Daarom is die liberale teologie en die Pous nader aan mekaar as wat hulle moontlik self gedink het²⁴. Die verwarring wat die Hellenisme geskep het is in beide gevalle net met 'n ander klemtoon gerealiseer.

Sola Scriptura

Gereformeerdes sal weer oor die koppe van Heidegger en Kant moet terugspring tot by ons wortels²⁵. Die reformatore het nie net met Rome gebreek nie, maar ook met Athene; dit het die Roomse Pous self erken. Die reformatore het aan die Skrif vasgehou as die enigste bron ook vir die verklaring van die Skrif. Die beginsels vir die verklaring van die Skrif was *Sola Scriptura*.

Die reformatore het geweier om na die heidendom se deurmekaar praat te luister; hulle het die Griekse filosofie geen plek gegee in die neerlê vir die Skrifbeginsels vir Skrifverklaring nie. Die reformatore het nooit verval in 'n hele diskussie oor hoe die mens die Woord met sy rede verstaan nie. Skrifverklaring is 'n saak van genade, die belydenis van die waarheid is 'n saak van openbaring wat ontvang word.

Omdat die Skrif genoeg was en omdat die belydenis daarvan 'n saak van genade is, en omdat verstaan die werk van die Heilige Gees is, het die reformatore nooit die grense van die Skrif probeer oorskry met filosofiese verstaansvrae nie. Die wysheid (as die Griekse filosofie) van hierdie wêreld was inderdaad deur die reformatore as dwaasheid bestempel²⁶. Dit beteken egter nie dat hulle eksegetiese nie van hoogstaande gehalte was nie. Inteendeel, Jordaan toon duidelik aan dat Calvin se visie nog veel ruimer was as die moderne hermeneutiek²⁷. Die rede hiervoor kan natuurlik gesoek word in die

Skrifverklaringsbeginsels wat vanuit die Woord gekom het. Dit is logies dat God se Woord die volkome beginsels vir Skrifverklaring bied.

Heilig versus filosofies

Wat sê dit alles vir gereformeerde hermeneutiek? Ons moet begin deur weer reg te praat sodat ons ook reg kan dink. Greijdanus se meesterstuk oor Skrifverklaring se titel is in die kol. Dit gryp vas aan die gees van die Reformasie: Skrifbeginsels vir Skrifverklaring. Die Skrif is die enigste norm vir die wetenskap van Skrifverklaring en daardie wetenskap moet in gereformeerde kringe bekend staan as die *hermeneutica sacra*. Hierdie term sal egter ook deur gereformeerdes met groot omsigtigheid gebruik moet word aangesien die heilige hermeneutiek geen onderdeel van die filosofiese hermeneutiek is nie. Dit beteken dat teoloë bedag moet wees daarop dat daar nie 'n onheilige kruisbestuiving plaasvind tussen die heilige hermeneutiek en die filosofiese hermeneutiek nie.

'n Verdere vraag wat ondersoek moet word is of die term hermeneutiek met al sy bagasie die mees geskikte term is om die wetenskap te benoem wat hom besig hou met die Skrifbeginsels vir Skrifverklaring. Dit is interessant dat die woord 'hermeneutiek' vir die eerste keer in die teologie voorkom in C Dannhauer se boek

23 Soos aangehaal deur prof L Floor in 'n diktaat getiteld: *Calvyn se hermeneutiek in vergelyking met Ebeling en Fuchs*.

24 Soos reeds genoem bly Heidegger se denke Hellenisties, maar in die lyn van Heraclitus wat die *Logos* as veranderlik beskou het. Dit het op sigself verreikende gevolge vir die hermeneutiek.

25 Harriet Harris kritiseer vir Packer in haar boek *Fundamentalism and Evangelicals* (1998) as 'n tipiese fundamentalis wat die hermeneutiek van Heidegger et al wil nalaat om die gesag van die Skrif te bewaar. In hierdie artikel word daar kennis geneem van Harris en verskeie teoloë wat ook hierdie artikel as pure fundamentalisme sou bestempel aangesien dit geen kritiese wetenskapsbeoefening duld soos bepleit deur byvoorbeeld Wentzel van Huyssteen nie. Harris vertoon egter op haar beurt 'n 'teologie' wat geensins rekening hou met die verborgenheid en die wonder van die Openbaring nie; wat geen kritiek van die menslike rede duld nie.

26 1 Korintiërs 1:21-23

27 *Skrifbeskouing: deurslaggewende faktor by Skrifverklaring*. Inougurele rede gehou op 7 Junie 1991. TSP Potchefstroom. p 26-28.

Hermeneutica Sacra (1654)²⁸. Dan eers in die 18de en veral 19de eeu word die woord hermeneutiek intensief gebruik in die gees van die Verligting en Rasionalisme.

In die omgang met en verklaring van God se Woord mag die kerk nie gaan afkyk by die heidene nie. Die kerk moet terug na Skrifbeginsels vir Skrifverklaring²⁹. Daarom sal die term hermeneutiek en alles wat dit verteenwoordig gesuiwer moet word deur die smeltkroes van die Woord. Indien die kerk hierdie woord met al sy bagasie gebruik moet sy goed onthou dat dit niks anders as Skrifbeginsels ter Skrifverklaring mag wees nie.

Neem deeglik kennis

Dit beteken natuurlik nie dat die kerk nie kennis moet neem van die filosofiese hermeneutiek nie. Hier word geen volstruispolitiek verkondig nie, maar wel 'n radikale breuk met alles wat die algemene hermeneutiek aan die teologie opgedis het wat onbybels is. Die gesprek oor hermeneutiek kan dus nie plaasvind alvorens gereformeerdes hulle nie – net soos die reformatore – radikaal bekeer het van die Hellenisme nie. Radikale bekering beteken daar is geen waarheidsmomente oor Skrifverklaring by die heidendom te vinde nie. Indien die gesprek oor hermeneutiek 'n kruisbestuwigsgesprek is, word die hermeneutiek 'n terminale siekte vir die kerk³⁰.

Die verborgenheid van Openbaring

Die kerk se antwoord aan die filosofiese hermeneutiek is 'n antwoord wat die hermeneutiek nie kan verstaan nie. Die antwoord is Christus. Die Woord het vlees geword; die openbaring in Jesus Christus. Hy is self die Waarheid en die waarheid word geken in die lewende verbondsverhouding met Hom. In die verbondsverhouding is Hy getrou en waaragtig om sy kerk in die hele waarheid te lei³¹. Christus open die dissipels se verstande

sodat hulle die Skrifte kan verstaan (Lukas 24:45). Hoe hulle tot verstaan gekom het, is die werk van die Gees. Dit is openbaring.

Alan Richardson skryf in sy boek oor die verborgenheid van die openbaring die volgende: *'The mysterious truth of the Gospel cannot be made known through ordinary publicity channels but only through the hearing of faith – a truth constantly overlooked by busy, untheological clergyman ... At the same level of misunderstanding untheological scholars have imagined that the mystery of God, the hiddenness of his being and his ways, about which the NT speaks, is something akin to the mysteries of Graeco-oriental religion'*³².

God se openbaring is 'n verborgenheid wat alleen geken kan word deur die geloof; nie die geheime van die Griekse godsdienste soos wat soveel teoloë dink nie. Die Woord leer ons dat die verborgenheid net geopenbaar word deur die werk van die Gees. Daarom kan ons so hartlik instem met Jordaan wat sê: 'In die eerste en laaste instansie is betroubare verklaring van die Skrif afhanklik van die Heilige Gees as die eintlike verklaarder van die Skrif'³³. Daarmee saam is dit die kerk se troos dat die Gees die beginsels vir die verklaring van die Skrif in die Bybel self weggeleë het.

Reinig die vrou-debat

In ons gesprek oor die vrou in die amp sou die beginpunt wees of ons bewus is hoe onheiligh ons hermeneutiek geword het. Dit beteken dat alle ontleende instrumente wat gebruik word in die verklaring van die Skrif eers gevind en geweeg moet word. Ook die Christeljk Gereformeerdes in Nederland het in hulle behandeling van hierdie vraagstuk gevind dat die paaie uiteenloop op die punt van die sosiohistoriese konteks³⁴.

Hierdie hermeneutiek se basiese wortels vind ons al by Rudolph Bultmann. Wanneer die kultuur die verpakking van die waarheid word is die kerk terug by Bultmann,

net in 'n ander baadjie. Bultmann het ontsag vir die teks en vir die God van die teks, maar hy wil die verskuilde betekenis daaragter probeer ontdek deur die teks te ontmitologiseer. Net so kan mense baie ontsag vir die teks hê en vir die waarheid daarvan maar dit moet ook 'ge-ont-sosio-historiseer' word. Die sosiohistoriese verpakking moet afgetrek word om by die werklike bedoeling van die teks te kom. Bo en behalwe dat daar 'n eiewilligheid in so 'n hermeneutiek is³⁵ leer die Skrif ons nêrens daardie beginsel nie.

Die Christeljk Gereformeerdes het in hulle sinodebesluit oor die vrou in die amp tot die slotsom gekom dat daar 'n gebrek is aan insig in die verband tussen skepping en herskepping³⁶. Die skeppingsordinansie word ook in die GKSA dikwels geweldig onderspeel en slegs betrek op die gelykwaardigheid van man en vrou. Skepping en herskepping

28 Die Latynse term '*interpretatio*' is natuurlik so oud soos die kerk self en dit word ook deur die reformatore gebruik, maar nooit in die sin van 'n voorlopige hermeneutiese besinning nie. Dit het altyd op die vlak van Skrifverklaring en uitlegging gelê.

29 Iemand soos Moisés Silva probeer 'n mooi Skriftuurlike antwoord gee oor waarom ons hermeneutiek nodig het en hy die uniekheid van die Skrif baie sterk beklemtoon. Hy loop egter steeds die gevaar om met sy uitgangspunt verstregtel te raak in 'n eindelose debat van onsekerheid. *An Introduction to Biblical Hermeneutics*. 1994. Walter C Kaizer & Moises Silva. p 15-25.

30 Hiermee word geensins bedoel dat daar nie 'n wetenskap oor verstaanskunde kan wees nie. Trouens dit lê op die weg van die Reformatoriese filosofie om radikaal Bybels die verstaansvraag te antwoord en met 'n Bybelse taalteorie na vore te kom. Sien gerus Taljaard se *Polished Lenses*. 1976. Potchefstroom Herald. Potchefstroom. Hoofstuk 6. Die teologie sou ontsaglik baat kon vind indien dit van die Reformatoriese filosofie gebruik kon maak vir die begronding van 'n Bybelse epistemologie.

31 Johannes 16:13

32 *An Introduction to the Theology of the New Testament*. SCM Press. London. 1958.

33 *Skrifbeskouing: deurslaggewende faktor by Skrifverklaring*. Inougurele rede gehou op 7 Junie 1991. TSP. Potchefstroom. p 30.

34 *Vrou en ambt. Uitgawe onder verantwoordelijkheid van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland*. 1998. p 140, 141.

35 Sien die debat tussen Snyman en Janse van Rensburg oor die gewig van die sosiohistoriese eksegeese rakende die vrou in die amp en homoseksualiteit. *In die Skriflig*. Vol 41, November 2006.

36 *Vrou en ambt. Uitgawe onder verantwoordelijkheid van de Generale Synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland*. 1998. p 140, 141.

kry nie naastenby genoeg aandag in die rapporte oor die vrou in die amp nie.

Een rede daarvoor kan moontlik wees dat die hermeneutiek alreeds in die omgang met Genesis 1 tot 11 sy merk gelaat het. Die Skrif gee self nêrens ooit aanduiding dat Genesis 1 tot 11 mitologies is nie. Indien 'n mens al gekontamineer is met die filosofiese hermeneutiek is dit glad nie te vergesog om daarby uit te kom nie. Indien Genesis 1 tot 11 mitologies verstaan word, is die skeppingsordinansie natuurlik nie van veel waarde in die vraagstuk oor die vrou in die amp nie.

Nog 'n saak is die voorlopigheid van eksegeese, standpuntname en paradigmaverskuiwings wat onderliggend is aan die debat oor die vrou in die amp. Dit het alles die kleur van Heidegger se 'Dasein' as ontwikkeling en voortgang en Derrida se uitgeslote ander om betekenis te probeer uitbrei. Sodoende word die teologie gyselaar gehou deur die voorverstaan van die eksegeet wat dan nooit tot belydenis kan kom nie, maar slegs tot voorlopige en meer geldige eksegeese. Hieroor moet die kerk dan uiteindelik stem om 'n gedemokratiseerde waarheid te skep.

Ook rakende die vrou in die amp blyk die uitgangspunt te wees dat dit nie beslis geopenbaar is nie, maar dat die voorlopige en meer geldige eksegeese deur stemming tot kanon gemaak word. Die vraag oor die vrou in die amp is myns insiens nie 'n eksegetiese nie, maar

'n hermeneutiese vraag. Die hele problematiek oor die vrou in die amp in die GKSA werk met die simptoom in plek van die oorsaak, naamlik 'n gekontamineerde hermeneutiek.

Tekens as tekens opgestel

Soos reeds opgemerk, het Van Ruler gesê dat diegene wat hulle alleen met die hermeneutiek besig hou, van dors sterf. Die konsekwensie hiervan is: iemand wat hom enigszins daarmee besig hou om tot 'n beter begrip van Skrifverklaring te kom as die reëls wat die Skrif self daarvoor neerlê, sterf van dors. Wie werklik erns wil maak met die hermeneutiese vraagstukke, wie die groot hermeneutiese denkers wil ontmoet, maar op hulle speelveld en volgens hulle spelreëls, sterf uiteindelik van die dors.

Wie aan die hermeneutiese wedstryd wil deelneem gaan gehawend en dalk ongelowig anderkant uitkom. Hermes neem nie mense gevange nie; hy maak dood. Die hermeneutiek het die kerk gebombardeer met valse vrae en 'n valse probleem wat nie van toepassing op die openbaring van God is nie³⁷. Hulle valse probleem het nou ons s'n geword.

Psalm 74 druk iets hiervan uit. Die heidendom het hulle tekens as tekens opgestel. Ons sien beswaarlik ons tekens. Die heiligdom is onheiligh en verwoes. Die fyn houtsniewerk van God se openbaring is stukkend gekap. Daarom kan ons nie meer van

Thiselton verskil as hy sê die teologie kan nie geïsoleer word van die hermeneutiese vraagstukke nie. Die teologie moet radikaal van die dwaalgees van die hermeneutiek, wat deur die heidene se tekens in die kerk ingedra is, gereinig word.

Bedelaars wat seker is

Gereformeerdes bely ooreenkomstig hulle reformatoriese wortels: dit is alles genade, ons ontvang die openbaring in ons harte en verstande deur Woord en Gees, ons ontvang die beginsels vir Skrifuitleg in die Woord self. Daarin moet ons pynlik wetenskaplik wees om hierdie beginsels na te vors en teenoor die hermeneutiek te plaas. Ons moet ook pynlik wetenskaplik wees om nie iets te ontleen uit die heidense denke en dan onkant betrap te word nie.

As slotsom kan ons sê dat ons ook in ons omgang met die Skrif moet wees soos wat Martin Luther se laaste geskrewe woorde sê: *Wir sind Bettler, das ist wahr*. Ons is bedelaars, dit is waar. Nie onsekere bedelaars wat soekend na en worstelend met die waarheid besig is nie. Bedelaars wat deur sy genade weet dat ons goeie Vader sy Gees aan hulle gee wat Hom bid en wat deur sy Gees en Woord sy kerk tot die belydenis van die waarheid bring.

³⁷ In hierdie opsig sou die Reformatoriese filosofie van onskatbare waarde vir die kerk wees om aan te dui hoedat die Hellenisme en hermeneutiek die kerk binnegekom het en daarteenoor 'n Reformatoriese kenteorie verder te ontwikkel.

AKTUEEL

D Breed, Pretoria

Genève, Cloete en Van Blerk

Ou Psalms op 'n Geneefse wysie, nuwe berymings aangaande reeds afgestorwe konings, *praise and worship*, 'n treffer met opbruisende opgewondenheid – miskien is dit nie onvanpas om nou weer hierdie

preekskets van prof K Schilder¹ in oënskou te neem nie.

Schilder oor Amos 6

'... die gerustes in Sion en die sorgelose op die berg van Samaria

... wat liedjies sing met begeleiding van die harp, wat net soos Dawid vir hulle musiekinstrumente

¹ Schilder K. *Om Woord en Kerk*. Die skets het oorspronklik verskyn in die *Gereformeerde Kerkbode van Delft*, 9 Junie 1923.

uitdink! ... maar hulle nie oor die verbreking van Josef bekommer nie' (Amos 6:5-6).

'n Volk met slegs 'n lied en nie die luit nie, 'n psalm maar nie die harp nie, die wese daarvan maar nie die vorm nie, wel die skone gedagte maar nie die skone klank nie, is arm. Sy armoede maak hom skuldig, want God se volk kan nooit arm wees nie. Of hulle moes die rykdom wat God bied, eenkant laat lê het.

Maar, daar is nog een ding wat armer is as armoede. Dit is die *dood*. Nie maar net arm nie, maar *dood* is 'n volk wat wel die luit besit, maar geen lied nie, die harp maar nie die psalm nie, die vorm maar nie die wese nie, wel die skone klank maar nie die suiwere, skone gedagte nie. So 'n volk is *dood*.

So was die kinders van Josef *arm* toe hulle gedurende hul ballingskap, in hul verbreking, aan die strome van Babel die *harp* aan wilgerbome opgehang het. Hulle mis toe die harp, die harp van Dawid. Maar die *lied* is weer gebore; die lied, die psalm van Dawid ... as ek jou vergeet, o Jerusalem!

Amos spreek die gerustes in Sion aan. Hulle was *dood*. Hulle het nie Dawid se volle erfenis oorgeneem nie. Uit Dawid se nalatenskap het hulle die luit, die harp, die skone geluid, die musiek, die kuns oorgeneem, maar *beleef* nie sy lied, sy psalm, sy heilige gedagte, sy vroomheid nie. Die einde was verskriklik. Die harp, die lier, die musiek is nooit sonder inhoud nie. Dit word altyd deur 'n *gedagte* gedra. Toe Dawid se *gedagte* onder die kinders van Israel verbleek het, kon hulle nie meer soos Dawid bid nie, nie meer soos Dawid bely nie, nie meer soos Dawid om genade smee nie, nie

meer God in hul lied verheerlik soos Dawid dit gedoen het nie.

Dawid se harp is behou; die kuns bly bestaan, maar Dawid se psalms word by die nageslag 'n gekwetter; die heilige musiek wyk voor dansmusiek, die musiekinstrument wat Dawid bekend gemaak het gaan oor in die hande van vreemde, lasterlike siele en die 'wêreldse' lied verplaas die heilige kuns van Dawid. Dawid sing en bid en beef oor Israel se sonde en die reg van God. Hierdie luit- en harpspelers bekommer hul nie oor die breuk van Josef en ween nie oor die sonde van Israel nie.

In elke wêreldse deuntjie wat deur Amos se tydgenote aangehef is, het 'n aanklag gelê oor die sonde van diegene wat Dawid se harp aan ander gegee het, omdat Dawid se gedagtes in hulle siel verbleek het. So is ons wêreldse musiek vir ons altyd 'n aanklag. Julle, die kerk, het die musiek, die kuns uit jul hande laat glip. Dawid se harp is met vakansie, want Dawid se gedagtes het by u stil bly staan.

Tegelyk wil Amos aan ons sê: elke lied van Dawid soek na 'n suiwer vorm, na 'n skone klank, ook in die erediens – soos Dawid. Indien die vorm u bekoor en boei, waar is u wese?

Julle wat 'n nuwe *vorm* soek, of ook julle wat krampagtig aan die oue vasklou, waar is by julle die *gedagte* van Dawid? Waar is die geween oor die sonde van Israel? Slegs diegene wat Dawid se *gedagtes* ken, mag na sy harp gryp om met die snare daarvan te doen wat goed is in sy oë. Hou u *gedagte suiwer* en laat u *hart* wees soos dié van die man na God se hart. Dan sal u *lied*, u *kunsvorm*, *vanself* opkom en altyd ewe *vars* bly soos by Dawid. Reformasie van die lier begin by die bekering van die hart, tot die God van Dawid. Maar: al sou 'n mens

Dawid se harp *onveranderd* in sy ou vorm bewaar, en die gedagtes van Dawid nie meer bedink nie, dan word ook jy, wat by die harp van Dawid sweer, 'n luidende en skel klinkende simbaal.'

Die lyn deurgetrek

Die gedagte, die lied en die kunsvorm is *God se Woord* en *kennis (belewenis) daarvan* – anders is ons armoede ons eie skuld, 'want God se volk kan nooit arm wees nie, of dit moes die rykdom wat God bied, eenkant laat lê het'. Dr GJ Meijer stel dit so: '... diens aan God moet die Woord van God as basis (hê) ... ons liturgie moet lewend en deurleef wees. Psalms moet met oorgawe gesing word ... God moet in Gees en waarheid aanbid word'².

En die kennis daarvan? Daaroor skryf dr ALA Buys: '... Kennis van God kom slegs deur die Woord ... wat in die begin by God was en self God is ... sonder dié Man beteken jou lied niks ... kom tot inkeer, hoor die Messiaslied ... (want) dit het 100% alles met Jesus Christus se amp as Middelaar te doen'³ (vergelyk Psalm 119:18; Efesiërs 1:17,18).

Dawid is nie ons navolgingswaardige voorbeeld nie. Dawid vorm hier slegs die brug, die lyn vanaf die teks na die skets. Dit gaan egter oor die gedagte, die lied, die kunsvorm wat 'Dawid sing en bid en beef oor Israel se sonde en die reg van God'.

Reformasie (ook van die psalm, lied en die liedjie) is 'n saak vanuit die hart, 'n openbaring van 'n heilige vrees wat tot gehoorsame diens, lof en aanbidding dwing.

² Meijer, GJ. Praise en Worship. *Waarheid en Dwaling*, September/Okttober 2007.

³ Buys, ALA. Is De La Rey ook onder die profete? *Waarheid en Dwaling*, Junie 2007.

Multikultureel hande vat

Hierdie is die tweede artikel oor holisme en fokus op implikasies daarvan vir die kerk. Dit bou voort op die basis-artikel oor holisme wat tevore gepubliseer is¹.

'n Arm langer en sterker

Om multikultureel hande te vat, soos ook in ons tyd kerklik na gevra word, is nie nuut nie. Die arm van hierdie hand strek oor minstens 100 jaar. In holisme het ons te doen met 'n mens- en wêreldbeskouing, wat ook noodwendig ons kerkbeskouing beïnvloed. Bring 'n geskiedenisbeskouing daarby en die multi-kulturele 'speserye' word eers interessant.

Generaal JC Smuts² was 'n groot staatsman van weleer; ongelukkig nie 'n groot kerkman nie. Tog is daar 'n hele boek oor sy religie geskryf³. Dit wat menseregte sou word, het by Smuts begin met 'n nuwe woord wat hy geskep het: 'personology'. Die eerste deel van die begrip 'personology' is ontleen aan die Latynse 'persona', wat op die individu se regte en vryhede wys. Hierdie basiese menseregte-deel van die *persona* staan vir Smuts in sy mensbeskouing as regte in eie reg bekend. Verder gaan dit vir Smuts in die 'personology' om die 'logy'-deel wat afgelei is van die Griekse woord *logos*. Hy gee egter nie die sterk gelade Bybelse betekenis in Christus daaraan, waar Christus vir ons die *Logos* van God (Johannes 1:1) is nie. Hy verwys met *logos* in sy 'personology' bloot na kennis; kennis wat onder andere wetenskaplik verkry word.

Met die twee verskillende begrippe uit die Latynse en uit die Griekse wêreld het Smuts gemeen dat hy die twee grootste beskawings van die wêreld (die Romeinse en Griekse) gekombineer het en 'n verklaring kon kry op die ideale mens-wees in die geheel van die wêreld. Beukes³ som dit so op: 'By combining the two words and concepts from the Roman

and Greek civilisations, he (Smuts) thought that he had the explanation for the ideal person in the holistic sense'.

Kerklik nader gebring

Ds Rabbo Pasch (1916-1960) was 'n onderwyser voordat hy predikant geword het. In die Smuts-era (waarskynlik as onderwysman) het Pasch hom in sy toespraak 'Ons soek 'n president' in een sin geheel en al teen holisme gerig waar hy sê: '... Maar as die vraag by ons opkom of ons as Nasie nog 'n taak het om te vervul dan bedoel ons met 'n taak 'n arbeid wat alleen en uitsluitend alleen hierdie nasie van ons kan en moet uitvoer. Het ons dus nog werk, arbeid, taak, roeping, om na te kom wat geen ander land het, wat geen groep van lande het, maar wat net Suid-Afrika het wat net Suid-Afrika ten uitvoer kan bring ...?' (beklemtoneering deur Pasch self).

Om in die geheel van lande en mense op te gaan en sodoende net 'n onderdeel te word, bring 'n volk se unieke identiteit om sy taak te vervul in gedrang. Vir Pasch kom dit op roepingversaking neer. Verder is dit duidelik dat, wat ons volkskap en ons uitlewing in ons kerk-wees aan betref, ons juis ook hierdie eiesoortigheid as volk moet kan waardeer.

Verskillende standpunte

Die sinodebesluit van 1985 oor volkeverhoudinge het mondig geword! Drie-en-twintig jaar gelede is daar goed oor die wese en die eenheid van die kerk besin. Die volgende deurtastende besluite is geneem. Alle volke, nasies en tale het hulle gereddes, en daar is geen twyfel nie dat al hierdie gelowiges wat in hulle verskeidenheid wyd kan wees, in Christus as eenheid in sy liggaam verbind word. Drie jaar later (1988) is daar weer besluit dat niks hierdie eenheid kan ophef nie;

selfs nie eers volkeverskeidenheid en verskille nie.

Die gevolg van hierdie eenheid word in die Heilige Gees bekragtig en bely. In die Heilige Gees soos met Pinkster, is elke plaaslike kerk reeds universeel volledig kerk gemaak.

Prof WJ Snyman het dit só verwoord: 'Die plaaslike kerk is die universele kerk: die universele kerk ter plaatse'. Die plaaslike kerk moet nie in die universele (in die geheel) wil inbeweeg om dan vanuit die universele die volle kerkwees te vind nie, maar andersom. Vanuit die universele, waar die universele kerk die plaaslike kerk voorafgaan, kom die universele tot sy volle verwesenliking daar waar die kerk reeds plaaslik bestaan en gee uitdrukking aan wat dit reeds in die geheel is en wat reeds bely kan word. Snyman verduidelik dit verder: 'Die ekumeniese roeping van die kerk bestaan derhalwe nie daarin om tot stand te bring wat nog nie bestaan nie, maar om tot uitdrukking te bring wat die kerk (reeds) is en wat ons omtrent die kerk bely⁴.

Uit sommige oorde klink dit egter of die teenoorgestelde vandag gesê word. Wanneer dr E Schalekamp in *Die Kerkblad*⁵ self standpunt inneem en in die proses óók ander resente skrywers en uitsprake vermeld, verwys hy onder andere na dr K Heystek wat in sy afskeidsprek gesê het: 'Die algemeenheid/katolisiteit van die kerk as bestaande uit alle volke, tale, en nasies het ons nie verwerklik nie (hoewel dit in ons waardes ingeskryf is) ...'

Katolisiteit

Hier moet ons deeglik onderskei. Wat op die spoor van Bavinck

1 *Waarheid en Dwaling*, Desember 2007.

2 Later ook veldmaarskalk Johannes Christiaan Smuts genoem. Gebore 24 Mei 1870. Oorlede 11 September 1950.

3 *The religious Smuts* deur Piet Beukes.

4 Snyman, WJ. 1977. Nuwe en ou dinge. *Uit die skat van die Koninkryk*. p 78.

5 *Die Kerkblad*, Augustus 2005. p 24.

en in die woorde van Snyman as *ecclesia universalis* (universele kerk) gesien is en vir Snyman 'n werklikheid is – dat die kerk nie moet dink om as kerk haar katolesiteit/algemeenheid tot stand te wil probeer bring asof dit nog nie bestaan nie – daarvan sê Heystek die teenoorgestelde: ons het dit nie 'verwerklik' nie. Hy sê verder: 'Die diversiteit van die koninkryk behoort binne een plaaslike gemeente sigbaar te word', dan eers word die universele, '... die algemeen/katolieke kerk vertoon en kom die gekome ryk eenvoudig net baie sterker en vollediger as 'n nie-katolieke kerk' na vore.

Apostolisiteit van die kerk

Snyman het nie net van die universaliteit (algemeen/katolieke) uitgegaan as reeds ten volle gegewe in elke plaaslike gemeente nie, maar ook van die besef dat ons *apostoliese* kerk is. Die apostolisiteit is – net soos en saam met die universaliteit van die kerk – meer as blote toekomstmusiek, as sou dit eers later verwerklik kan word. In ooreenstemming met Calvyn glo Snyman dat 'apostolisiteit nie alleen ekumeniese roeping uitdruk nie, maar ook ekumeniese gefundeerdheid, naamlik die apostolaat'.

Dit wat reeds gegee is, selfs dit wat reeds gefundeer is, dui aan wat 'n aantal jare gelede verstaan is as die wese van die roeping van die kerk – dat 'n plaaslike kerk werklik sy identiteit reeds ontvang het, al bestaan dit uit een taal/volk/gemeenskap op daardie een plek. Nou word dit bevraagteken.

Dit veroorsaak spanning tussen Snyman se uitgangspunt van reeds gegewe en reeds gefundeerd enersyds en die standpunt van Schalekamp, Heystek en andere andersyds. Dit moet onderstreep word dat laasgenoemde nog glad nie werklikheid is wat die kerke bely nie; die mens moet dit verwerklik! Dit klink volgens Schalekamp asof die identiteit en selfs kernwaardes (merktekens) van so 'n plaaslike gemeente eers tot volle werklikheid sal kom as natuurlike en historiese

grense wat mense, rasse, nasies en geslagte skei, weggevee word; dat kultuurerfenis niks met kerklike erfenis te doen mag hê nie, en ook eers moet verdwyn voordat die kerk waarlik kerk kan wees.

Volgens die standpunt van Schalekamp en andere sou universaliteit en apostolisiteit nie vooraf gefundeer kon wees nie, en sou dit maar mensewerk wees in die wegwerk van baie grense om regtig die eenheid, heiligheid, katolesiteit en selfs apostolisiteit as lewendige merktekens van 'n kerk in aksie te moet stel.

Dit is alles behalwe die lyn wat Snyman uit die Skrif aangedui het.

Sinodebesluite

Sinodebesluite oor volkereverhoudinge was nog nooit geneem asof die volkere nie bestaan nie, en dit die volkere *per se* is wat moet verdwyn nie. Dit gaan juis oor die verhoudinge wat gereël moet word. Die Sinode van 1985 het soveel wysheid ontvang om selfs duidelike taal- en kultuurerfenisse as Godgegewe tot die vorming van afsonderlike gemeentes te beskou, met 'n eie manier van prediking en erediens, en in hierdie gevalle is dit nie verstandig om 'n uitwendige en daarom kunsmatige eenheid af te dwing nie, maar om die verskeidenheid in die volk van God te erken'.

Die besluit handhaaf gesonde balans wat insluit dat volkere nie uit mekaar se kerk-wees uitgehou mag word nie, maar dat koninkrykbelange deur volke na mekaar in hulle kerk-wees oorgedra word. Volksbelange het juis ook 'n koninkrykbelang. Iemand wat nou wil maak asof die volk nie ook die koninkrykbelange dra nie, wil eintlik 'n kerk skep wat vreemd teenoor die koninkryk staan asof dit nie moontlik is dat die koninkryk ook volksbelange dra nie.

'n Positiewe verhouding

Veel eerder moet die verhouding tussen kerk en volk as positief gewaardeer en gebalanseerd gesien word. Die identiteit van die kerk mag nooit deur enige volk

opgeëis word nie. So min as wat die volk die kerk mag verswelg, so duidelik is die gevaar van holisme om te maak asof eenheid en dit wat kerk waarlik kerk maak alleen kan bestaan wanneer die verskeidenheid van volke in die geheel van kerkwees moet opgaan en verdwyn. Tereg het Snyman gewaarsku dat so min as wat ons volkskerk mag wees, so min mag ons wêreldkerk word; wêreldkerk waarin die nasies moet verdwyn.

'n Stadige klemverskil ontwikkel

Rondom die saak van verskillende volke wat in één kerk geskaar word, kan reeds duidelik twee lyne (groeperinge?) onderskei word. Na Snyman is al dikwels verwys. Prof JC Coetzee het in sy studie van *Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament* (1965) aangetoon dat verskillende volke dwarsdeur die Skrif 'n prominente plek bly beklee. Selfs tot die laaste oordeel, soos Openbaring dit beskryf, sal volkere uitgeken en onderskei kan word. Prof JL Helberg het in 1990 in sy *Verbondsvolk se verhouding tot sy land* nie openlik nie, maar tog genuanseerd, die ander kant gestel. Die rol van volk word nie ontken nie, maar tog heelwat meer relatief gestel. Tereg laat Helberg die voortdurende fokus op die koninkryk van God val. Ongeag plek of volk is God se volk (sy kerk) saamgebind deur geloof in God deur Jesus Christus. Hiermee sou Snyman en Coetzee nie verskil nie. Dat die kerk geen volkskerk, landskerk of groepskerk mag wees nie, is eweneens waar. Oor die feit dat geen ware kerk volksgebonde mag wees nie, sal saamgestem moet word. As die plaaslike kerk wel die algemene is wat hom op elke plek moet organiseer is dit tog moeilik om in die organisering hiervan Helberg gelyk te gee as hy stel dat daar in kerk-wees geen direkte verbinding met 'n bepaalde volk gemaak kan word nie.

Snyman en Helberg

Dit bring misverstand, want God het sy een evangelie tog in baie tale laat verkondig. Op Pinkster

het elkeen die evangelie in sy eie taal gehoor. Daar was nie skielik een nuwe wêreldtaal nie. Soos dit met die taal is, so is dit met die volk. Alhoewel van verbygaande aard, kan die verbinding tussen volk en kerk nie gesien word asof daar waar 'n kerk bestaan, die verbinding tot een taalgemeenskap en volk dan nou skielik ophou nie. Die kerk wil juis daarby aansluit sonder om daarvan afhanklik te moet wees. Deur Pinkster word baie tale en baie volke ingesluit. Dat daar 'n verbinding moet wees is onafwendbaar. Taal en volk moet koninkrykbelange ook wil dien, daar waar die kerk in verbinding met dieselfde koninkryk staan. Selfs die kerk wat diensbaar moet wees, is van verbygaande aard. Johannes sien in die nuwe Jerusalem geen tempel meer nie, en tog het volke nie skielik verdwyn nie, soos Coetzee rondom die laaste oordeel opgemerk het.

Helberg en Van der Walt

In die Helberg-lyn het dr PC van der Walt in sy studie *'Die identiteit van God se volk in Jesaja'* mooi aangetoon dat Israel se identiteit nie langer deur omstandighede bepaal is nie, maar dat die ware identiteit van God se volk (sy kerk) uit 'n volledige verhouding (verbond?) met God alleen spruit. Dit wat die Kneg van God in die tweede deel van Jesaja wil wees, word die identiteit van wat die volk moet word. Van der Walt meen dat die etniese identiteit deur die geestelike ontwikkeling in Israel se geval ophef kan word, en dat die kerk, losstaande van die etniese identiteit as volk, dan eintlik 'n heeltemal nuwe identiteit kan skep.

Die saak geweeg

Hier ontstaan tog die kritiese vraag na wat werklik die kriterium is vir Van der Walt se aanname dat hy heeltemal ewolusionisties sy identiteit-vasstelling begin bepaal. Die gevaar van wat ons in die Smuts-lyn van denke vind kom ook hier voor. Die geheel van die nuwe skepping word so oorheersend asof dit wat vroeër was, vir God dan op geen manier meer van belang

kan wees nie. Van der Walt stel Israel se verlies aan land tegelyk as 'n identiteitsverlies, wat in 'n enkele transformasie plaasgevind het, en dat God die nuwe Israel deur 'n proses van identiteitsherstel geneem het. Die volgende vrae bly onbeantwoord: Is die term 'verlies' 'n totale verloor van wat vroeër was, en impliseer 'herstel' 'n totale vervanging of vernuwning?

Met die term 'identiteit' is dit soos met 'bekering': 'n mens verloor nie jou oorspronklike 'ou' mens-wees in bekering nie, maar die oue moet voortdurend gekruisig word om die nuwe in 'n mens te laat bly opstaan. Die identiteit waarin jy as klein kindjie gedoop is bly tog dieselfde 'jy', maar God maak dit nuut. God maak jou nie deur die wedergeboorte 'n ander mens nie; God maak net dat jy anders kan wees as hulle wat nie wedergebore is nie. Die oue word deur die nuwe geheilig, maar nie vervang nie. Dit het van die begin af met die verbond reeds so gebeur. Die verbond met Abraham is deur Christus geheilig en nuut gemaak, maar nie vervang nie. Trouens, God se wet, met sy besondere verbondshoedanighede, is nie deur Christus vervang sodat daar ooit 'n wetverlies was en toe 'n wetherstel kon kom nie. Christus het dit vervul sodat ons God in dankbaarheid daarvolgens sal dien.

Soos dit met bekering, met die doop en die wet is, gebeur dit met elke volk (etniese betekenis) in God se volk, sy kerk. Jy verloor nie jou volkskap (etnies) as jy volk van God word nie. Die kerk kan nie jou volk-wees vervang nie, so min soos om in kerk-wees skielik 'n nuwe taal, en kultuur daar te stel. Elke volk word in sy volk-wees deur God se volk, sy kerk, gebring en gedwing om te besef dat die kerk nie daar is ter wille van die volk nie, maar die volk ter wille van die kerk. Hierdie kerk is daar ter wille van die koninkryk. Dit laat die besef dat in my kerk-wees, God my, in my ou volk-wees, wil vol maak, dat ek ook die volheid van kerk-wees in Afrikaner-wees moet kan begryp.

Hierdie volk moet as volk – in ons geval as Afrikaners – ons taal,

kultuur en godsdiens as deel van ons daaglikse lewe kan bly handhaaf. Daarom sal die ware kerk geen afbreuk wil doen aan wat 'n volk uniek maak nie. Die ware kerk sal belydend wil onderskei dat so 'n volk sy taal ook in belang van die Woord (Bybelvertaling en sang in Afrikaans) uitbou, sy leer (belydenis in Afrikaans) kan uitleef en sy liturgie (wat kultureel geklee mag word) kan toepas. Waarlik kerk (in sy leer, diens en tug) en volk (in sy taal, kultuur en godsdienstige erfenis) is daar ter wille van die koninkryk!

Hoe moet kerk en volk dan hande vat?

Die 1985-Sinodebesluit is gesond en het groot toetse van politieke stryd en swaarkry deurstaan. Laat ons by hierdie besluite bly en nie toelaat dat die spanninge in die kerkverband deur ander standpunte opgejaag word nie. Om multi-kultureel op kerklike gebied hande te vat, is uiters noodsaaklik. Heelwat meerdere kerklike vergaderings kon die vrug in ons kerklike eenheid reeds op die tafel plaas.

As daar by gemeentes aangedring word om vanweë politieke redes, wat duidelik holisties gerig is, multi-kulturele eredienste te hou, veroorsaak dit spanning. Die geheel van die eenheid van die kerk is wonderlik; dit is God-gegewe. Christus herinner ons gedurig daaraan om in Hom een te wees; waarlik één kerk. Eredienste wil nie 'n ander tipe holistiese eenheid bereik deur te wil voorgee dat die geheel wat reeds bestaan, en wat God gegee het, 'n groter geheel moet word nie. Dit kan baie vinnig 'n mistieke, in plaas van 'n evangeliese strewe wees.

Om kultureel eredienste afsonderlik te hou met die erkenning van mekaar se taal-, kultuur- en volkere-verskeidenheid is om vanuit die Goddelike geheel, God in die verskeidenheid wat Hy Self daargestel het, te dien.

Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel

'n Beduidende getal broeders en susters het aangedui dat hulle weens uiteenlopende omstandighede nie die VGL-vergadering van 15 Maart kon bywoon nie.

Die bestuur van die VGL oordeel dat die saak van Sondagheiliging wat bespreek word van sodanige belang is, dat dit vir soveel as moontlik mense moontlik gemaak moet word om dit by te woon. Daarom het die bestuur besluit om die vergadering na 'n later datum uit te stel – iewers gedurende die tweede kwartaal (Mei/Junie). Bevestiging van die nuwe vergaderdatum sal deurgegee word sodra dit gefinaliseer is.

Vir enige verdere navrae kan die voorsitter van die vereniging, dr Stefanus van der Walt, by 012 567 2709 geskakel word.

ONDERWYS (1)

Prof PH Stoker, Potchefstroom

Bybelgefundeerde (reformatoriese) onderwys

Tydens die doop belowe ouers om hulle kinders 'in die genoemde leer ... te onderrig en te laat onderrig' (vergelyk die vrae in die Doopformulier). Daarom is dit die verbondsouers se plig om toe te sien dat dit wat hulle kinders tuis, by die kerk en in die skool leer met die leer van die saligheid, soos dit in die kerk volgens die belydenisskrifte geleer word, ooreenstem; asook om dinge by die kind reg en in perspektief te stel wat nie daarmee ooreenstem nie.

As verbondsouers leer ons die christelike godsdiens van kleins af aan ons kinders. In die katekisasie leer ons kinders God verder ken, juis ook in sy voorsienigheid en uitverkiesende liefde. Gelyktydig met katekisasie begin skoolonderrig, waar ons kinders, naas die aanvanklike lees en skryf, ingelei word in die wetenskaplike vakke soos aardrykskunde, natuur- en skeikunde, biologie en wiskunde. Ons kinders leer dat die son elke dag op 'n vasgestelde tyd opkom – altyd, noodwendig; dat waterstof en suurstof verbind om water te vorm – altyd, noodwendig; dat die som van die drie hoeke van 'n driehoek, soos Euklides dit ontdek het, gelyk is aan 180° – altyd, noodwendig. Ons kinders leer van die wette van Mendel en van

seldeling en chromosome, van mutasies en fotosintese. So is die 'natuur' saamgestel. So werk dit – altyd, noodwendig. Nadat ons kinders geloofsbelydenis afgelê het en klaar gestudeer het, kom hulle hierdie wetenskapsopvatting keer op keer weer teë, by die lees van populêre wetenskaplike artikels in dagblaaië of tydskrifte of oor die radio of televisie.

Die metode waarvolgens die wetenskap beoefen word, werk omdat die wêreld ordelik deur God geskep is; 'n wêreld met wet, struktuur en betekenis. Die wetenskaplike metode gee meestal geen erkenning aan God nie en is daarom ateïsties, al word in navorsing en studie 'n teïstiese wêreld ('n wêreld met wet, struktuur en betekenis) onbedoeld aanvaar.

Gevolgtrek beliggaam die wetenskaplike metode wat aan kinders onderrig word, dikwels in wese 'n beginsel wat daarvan uitgaan dat waarheid uit enige gebied na vore kan kom sonder erkenning van die Oppermagtige Drie-Enige God. Teenoor hierdie sogenaamd wetenskaplike metode, wat in wese ateïsties en humanisties is, is daar die Bybelgefundeerde wetenskaplike metode met as basis die Bybel en die Drie Formuliere van Eenheid. Dit beteken dat ons

moet begin met die feit dat God die Skepper is en dat die wêreld sy handewerk is. Die sondeval van die mens, die gebrokenheid van die skepping¹ en die verlossing in Christus is fundamenteel vir reformatoriese onderwys.

Kultuur en godsdiens

In godsdiens rig die mens hom/haar deur die genadige werking van die Gees vertikaal, na bo, na die Bron van alle dinge, na God, die Algenoegsame, Almagtige, Skepper, Onderhouer, Bestierder en Voleinder van alle dinge, die Wetgewer vir alles wat Hy geskape het. Met kultuurvorming daarenteen rig die mens hom/haar horisontaal na die skepping en medeskepsels (stof, plant, dier en mens). In die beoefening van godsdiens wend die mens hom/haar direk tot God², maar die mens *heers* in sy/haar kultuuraktiwiteit³. Wie kultuuraktiwiteit as 'n vervulling van 'n Goddelike opdrag

- ¹ Onder skepping verstaan ons die wêreld soos dit vandag is, 'n wêreld wat na die sesdaagse skepping ontplooi het.
- ² Byvoorbeeld in sy/haar binnekamergebed, huisgodsdiens en by aanbidding saam met die gemeente om Hom te dank en te loof met woord en lied.
- ³ Om te bewerk en te bewaak – Genesis 2:15, 1953-vertaling.
- ⁴ HG Stoker. *Oorsprong en Rigting*. Band 1. Tafelberg Uitgewers. Kaapstad. 1967:126.

sien en uitleef, dien God ook daarmee. Hierdie diens van God in omvattende sin word nie godsdiens genoem nie, maar religie⁴. Alle kultuurarbeid – wat wetenskapsvorming en onderwys insluit – is in sy diepste wese religieus bepaal, omdat God die Skepper en Bron van alle dinge is, ook van die aanleg van die mens om kultuur te vorm. Kultuurvorming is religieus bepaal omdat God die mens as sy beeld geskep het om aan God diensbaar te wees ten einde sy raad te vervul.

Die mens het daarom 'n mandaat ('n plig) om kultuur te vorm en God se skepping te versorg (Genesis 2:15). Dit beliggaam 'n religieuse beginsel wat slegs nagekom kan word as die mens die gereedskap het. Die basiese gereedskap is kennis van die Skrifte. Dit is daarom die doel van die Bybelgefundeerde kurrikulum om 'n leerling op te voed sodat hy God sal eer en Hom sal dien deur sy religieuse roeping na te kom, met die talente en geleenthede wat God hom gee. Onderwys mag nie 'n kind beïnvloed om sy doelwitte in die lewe onafhanklik van God, kerk en gesin te stel nie, wat in Kurrikulum 2005 van die nuwe onderwyswet nagestreef word. Die daarstelling van reformatoriese onderwys teenoor dit wat nasionale onderwys wil bereik, is daarom 'n gewetensaak vir elke gelowige. Dit is in wese 'n religieuse keuse.

Openbare (staat-)skole, wat nie deur 'n christelike ouergemeenskap gedra word nie, kan die kind beïnvloed om sy doelwitte in die lewe onafhanklik van God, kerk en gesin te bepaal. Van die kind word dan verwag om sy eie doelwitte te stel en om homself as die finale verwysingspunt in menslike ervaring te sien. Die christelike kind word gevolglik geleidelik van God geskei en met 'n humanistiese gemeenskap verbind. Reformatoriese onderwys en handboeke en selfs 'n reformatoriese skool is daarom 'n religieuse noodsaaklikheid. 'n Gelowige kerk kan nie lank

staande bly en groei en bloei sonder christelike (reformatoriese) onderwys nie.

Reformatoriese onderwys in Suid-Afrika

Met Jan van Riebeeck se vertrek uit Nederland na die Kaap in 1652 was die Heilige Skrif die grondslag van die reformatories-Bybelse lewens- en wêreldbeskouing in baie Europese lande. Die formele hoofbeginsel van hierdie lewens- en wêreldbeskouing is dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, wat sy lig op alle terreine van die menslike lewe en die wêreld werp.

Vroeg in die negentiende eeu is die liberale invloed van die Franse Rewolusie ook in die onderwys aan die Kaap gevoel toe advokaat De Mist die bewind van die eerste Britse besetting vir die Bataafse Republiek oorgeneem het. Vir die eerste keer moes die gereformeerde staatskool in 1804 plek maak vir die 'neutrale' staatskool. Aan die staat is opgedra om volksonderwys te verskaf en om kinders op te voed tot goeie staatsburgers. Die aksent van die onderwys het verskuif van die christelike na die nasionale. Die vreemde invloed is na die tweede Britse besetting in 1806 bestendig. Toe is nie slegs die christelike beginsel van die onderwys ontnem nie, maar ook die Afrikaans-nasionale. Ouers het toe nie meer seggenskap in die onderwys gehad nie.

Die uitdrukking Christelik-nasionale onderwys (CNO) is aanvanklik ná 1806 in Kaapland gebruik, ná die tweede besetting van die Kaap deur Brittanje, en daarna veral ná die Tweede Vryheidsoorlog. Met CNO het die Afrikaner uitdrukking gegee aan sy ideaal om sy kinders deur die onderwys op te voed volgens reformatories-Bybelse beginsels, in sy stryd teen die sekularisering en verengelsing van die openbare onderwys. Na aanleiding van die CNO-stryd na die Tweede Vryheidsoorlog het die staat aan die Afrikaner sy eie skole voorsien. Die Afrikaanssprekende

en die Engelssprekende het toe afsonderlik hulle eie 'volk'-skole gekry, waarin elke kultuurgroep hulle kinders kon opvoed volgens die waardes van die onderskeie gemeenskappe. Die staat het egter steeds die kurrikula bepaal terwyl die vakonderrig 'neutraal' was.

Dat onderwys 'n religieuse funksie is, blyk ook uit die nuwe staat se onderwys: die 'neutrale' vakonderrig van die tydvak voor 1994 het plek gemaak vir 'n onderwys wat 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasionalisme moet bevorder. Die doel is om alle volke en kulture tot een Suid-Afrikaanse nasie te ommorm. Die onderwys is nog steeds nasionaal, maar nou nie meer afsonderlik vir elke bevolkingsgroep nie. Die nuwe onderwysbedeling is vir alle bevolkingsgroepe gesamentlik, met vermenging van kulture en godsdienste in skole, ter wille van nasiebou.

Die filosofiese begroning is dat die geheel (die een nasie) meer is as die som van die dele (die onderskeie tale, kulture, en godsdienste). Dit is holisme. Die leerders hoef nie meer alles in besonderhede te ken nie. Besonderhede kan nageslaan word in boeke of op die internet. Jy moet net weet waar om dit te kry. Wat saak maak is jou gewaarwording, jou insig, jou bydrae tot die lewenspraktyk van die mens, die samelewing en die staat. Dit alles moet met uitkomsgebaseerde onderwys en groepsbesprekings bereik word, met die onderwyser as fasiliteerder.

Die oppermag van God in die lewe van 'n gelowige en in die skepping kan nie versoen word met die humanistiese lewens- en wêreldbeskouing van die huidige nasionale onderwys nie. Genadiglik is daar nog onderwysers wat hulle hierin nie laat intrek nie, en hulle bes doen om hulle onderwys uit, deur en tot God aan te bied.

In wese is humanisme die mens se poging om sy eie god te wees, om self te bepaal wat goed en kwaad vir hom en in verhouding tot hom is. Dit beteken 'n ontkenning van

enige objektiewe standaard en 'n aanvaarding van subjektiewe norme. So 'n benadering is onaanvaarbaar in die opvoeding van verbondskinders. Daarom dat kurrikula in reformatoriese skole herskryf moes word in terme van Bybelse geloof en voorveronderstellings, terwyl Bybelonderrig 'n verpligte vak van Graad 0 tot 12 is.

Christelike Volkseie Onderwys (CVO)

Die Beweging vir Christelik Volkseie Onderwys (BCVO) is in 1989 in die lewe geroep om riglyne te ontwikkel vir verbondsonderwys binne volksverband⁵. In Januarie 1992 is die eerste twee CVO skole gestig deur ouers wat ingevolge die doopbelofte hulle kinders 'in dié leer' wou laat onderrig. Hulle het dit gedoen volgens riglyne van die BCVO en het by die BCVO geaffilieer. Sedertdien het die aantal skole wat by die BCVO geaffilieer is, tot meer as vyftig toegeneem.

Vir die BCVO is die handhawing en uitbou van 'n Afrikaanse identiteit belangrik in reaksie tot die holisme van die huidige staat se onderwys met Engels as die saambindende taalmedium van die staat.

Die BCVO het sy eie leerstof vir die klaskamer ontwikkel en dit word nog steeds verder ontwikkel. Bybelonderrig van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) van graad 0 tot 12 is verpligtend vir CVO-skole.

In sy rede wat mnr IJ (Hannes) du Preez as voorsitter van die BCVO namens die direksie op 11 Junie 2005 aan die Tiende Algemene Jaarvergadering (AJV) voorgedra het, stel hy dat daar voldoende ruimte bestaan en geskep kan word vir 'n Calvinisties-gereformeerde kurrikulum vir CVO-skole binne die raamwerk van die hersiene

nasionale kurrikulum van Nasionale Onderwys. Die VCHO is gevra om lewens- en wêreldbeskoulike begroning en toepassing van die Calvinistiese-gereformeerde leer by die kurrikulum in te weef. Die AJV het hierdie ontwikkeling van 'n verrykte lewens- en wêreldbeskoulike kurrikulum vanaf graad 0 tot 12, vir gebruik vanaf 2008 in graad 12, aanvaar.

Aksie Reformatoriese (Gereformeerde) Skoolonderwys (ARSO)

Die 1933-Sinode van die GKSA het besluit om 'die teenswoordige skooltoestande as uitgangspunt te neem en om dié dan om te vorm' (Handelinge 1933:325). Opeenvolgende sinodes het hierdie standpunt teenoor die beginsel van Gereformeerde groepskole verder beredeneer in die lig van die 'huidige vinnige verwêreldliking van staatskole'. In 1981 het predikante en lidmate met 'Aksie Reformatoriese Skoolonderwys' (ARSO) begin. Die Gereformeerde Skool Dirk Postma en 'n tiental ander onafhanklike skole is deur verbondsouers opgerig en het by ARSO geaffilieer. Hierdie skole het sedert 1997 saamgewerk aan die ontwikkeling van 'n Gereformeerde kurrikulum en Bybelgefundeerde vakbenaderings, waarna die skryf van handboeke vir Gereformeerde skole gevolg het.

Die Sinode het in 2003 besluit (Handelinge 2003:414) 'dat kerkrade verbondsouers aanmoedig om hulle by die plaaslike skole te beywer dat die hele leerplan (in elke leerarea en vak) en al die skoolaktiwiteite Christelik sal wees'. Nadat handboeke van ARSO vir geldige opvoedkundige beginsels geëvalueer is, het Sinode-2006 besluit om die handboeke aan te beveel vir gebruik deur onderwysers in staat- en onafhanklike

skole, ouers en tuisonderwys (Handelinge 2006:346). Ook christenonderwysers van staatskole het 'n behoefte om handboeke op Bybelgefundeerde grondslag te raadpleeg.

Tuisonderwys

Vir verbondsouers wat hulle kinders tuis wil onderrig, is daar in die VSA uitstekende onderrigmateriaal, byvoorbeeld *Covenant Home Curriculum*⁶. In die VSA het die christelike skool en Bybelgefundeerde onderwys verder ontwikkel as in Europa, waar die humanistiese verlede en die Verligting die ontwikkeling van 'n christelike kurrikulum aan bande gelê het⁷. Dit beteken dat Bybelgefundeerde lesmateriaal in Engels is, dat Britse eenhede vir afstande, massas, kragte en gewigte naas die metrieke stelsel gebruik word, en dat geskiedenis, aardrykskunde, en die plante- en dierewêreld nie Suid-Afrikaans is nie.

Verskeie instansies doen moeite met Afrikaanse tuisskoolmateriaal. Tog skiet dit dikwels te kort in standaard en/of het min of geen Bybelgefundeerde benadering in hulle vakaanbieding nie.

Die BCVO het 'n reëling dat ouers, wat hulle kinders tuis wil onderrig, BCVO lesmateriaal kan bekom, maar vir toetse en eksamens moet met 'n naaste CVO-skool reëlings getref word. ARSO se lesmateriaal kan ook met vrug deur ouers aanvullend in die tuisskoolsituasie gebruik word.

5 Aanvanklik was die riglyne 'onderwys binne Verbondsverband en volksverband'.

6 L van Oostrum. Tuisonderwys in die praktyk, in die termynblad van die VCHO: *Roeping en Riglyne*. Jaargang 55(3), Desember 2007:9.

7 RJ Rushdoony. *The Philosophy of the Christian Curriculum*. Ross House Books. VSA. 1985:8.

Moet nooit min van die Here dink nie

Jesaja 40:31 is 'n pragtige en inspirerende vers: '... die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie'.

Want ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het (Psalm 121:1, 2); wat aan ons siel die lewe gee en nie toelaat dat ons voet wankel nie (Psalm 66:9); en wat ons siel versadig met die goeie, sodat ons jeug weer nuut word soos die van 'n arend (Psalm 103:5).

Hierdie en talle soortgelyke tekste hoor en lees ons gereeld. Ook weet ons dat, as ons iets in sy Naam vra om in sy diens te doen, Hy dit sal gee. Ons mag dit selfs van Hom eis (Psalm 81:12 berymd).

Iets oor Arso en Aros

In hierdie oortuiging het twee verenigings, Arso vir die stigting van en hulp aan gereformeerde skole en Aros vir die opleiding van gelowige onderwysers, in die afgelope jare gewerk. Baie kon vermag word, soos hieronder kortliks uiteengesit word. Dit lei tot 'n ander vraag. Waarom maak Gereformeerdes in ons land nie baie meer gebruik van die geleentheid wat hierdie verenigings bied nie? Waarom word ouerskole nie orals gestig waar kinders met die Bybel in die hand en hart grootgemaak word in die vrees en met kennis van die Here nie?

Dwarsdeur die Bybel klink die boodskap: Glo in My, hou my gebooi en dit sal goed met julle gaan. Dit laat 'n mens dink aan die woorde van Sagaria, seun van die priester Jojada: 'So spreek God: Waarom oortree julle die gebooi van die Here en wil julle nie voorspoedig wees nie? Omdat julle die Here verlaat het, het Hy julle verlaat' (2 Kronieke 24:20b). As ons nie getrou doen wat Hy beveel

en waarvoor Hy die moontlikhede gee nie, het ons mos die Here verlaat en wil ons nie voorspoedig wees nie.

Noodsaak

Een van Martin Luther se uitsprake was: 'As dit goed gaan met die skole, sal dit ook met die land goedgaan'. Dat dit nie met die skole in Suid-Afrika goed gaan nie, weet ons almal. Tog loop 'n mens baie keer persone raak wat met jou saamstem dat dit sleg gaan met die skole, 'maar hier by ons, die skool hier op die dorp, hier gaan dinge nog goed'.

Daardie persone het waarskynlik (nog?) nie die moeite gedoen om in hul kinders se boeke te kyk om vas te stel met watter goddelose en ideologiese gif hul kinders op laerskool en op hoërskool gevoer word nie.

Hier moet die oorsaak gesoek word waarom dit so sleg in ons kerke gaan, hoekom dit so sleg in talle van ons gesinne gaan, met egskeidings en beskadigde kinders, armoede en ellende. Gaan vra maar vir onderwysers, gaan vra maar vir mense wat by die Koningskinders betrokke is. Hulle kan vertel van al die klein en groot menslike dramas, kinderontwrigtings, gebroke harte en talle sielkundige afwykings en komplekse as gevolg van die heel eenvoudige hemelse natuurwet: Mense is nie voorspoedig as hulle die Here verlaat het nie.

Arso

Veral in die afgelope jaar het woordvoerders van Arso op heelwat plekke in die land, mense toegesprek oor die noodsaak en ook oor die moontlikheid van gereformeerde oueronderwys. 'n Bietjie soos die hardlopers van 2 Kronieke 30 en die basuinblasers

van Esegël 33 en Joël 2. Die reaksie was dikwels lou-lou; sien nie kans vir die taak nie; sien nie die noodsaak daarvan nie. Kry hulle nie nuwe energie soos arende omdat hulle nie op die Here wag nie?

Twee jaar gelede het die nasionale sinode besluit dat alle kerke gevra sal word om een kollekte per jaar af te staan vir Skriftuurlike leerstof. 'n Skitterende besluit. Dit is aan die CO-deputate oorgelaat om die geld te kanaliseer. Hierdie deputate het die geld na Arso gestuur, 'n klein stroompie waardeur reeds om en by 90 deeglike en gereformeerde handboeke geproduseer en beskikbaar gestel kon word.

In totaal kon reeds meer as 12 000 kopieë ter waarde van byna R500 000 aan Arso- en ook aan ander skole gelewer word; ook aan talle kerkrade (vir katkisasie) en aan tuisskolers. Waar die bestellings soms vandaan kom, laat 'n mens dankbaar dink: 'die pluimsaad waai ver'.

Dit is nie net Bybelkunde- en kerkgeskiedenisboeke nie, maar ook handboeke vir vakke soos: Lewensoriëntering, Afrikaans, Engels, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Mens- en Sosiale Wetenskappe, Gesyferdheid, Wiskunde, ensovoorts. Boeke waar leerstof in Bybelse perspektief gestel word en waarin geen wêreldse ideologieë verskyn nie. 'n Paar boeke is in Engels vertaal om te kyk of Engelssprekende skole, byvoorbeeld die gereformeerde skole in Venda, ook 'n behoefte aan die boeke het. Al hierdie boeke kan teen mededingende pryse beskikbaar gestel word danksy die stroompie geld van kerke en talle ander donateurs, ook van oorsee.

Arso staan vir Aksie Reformatoriese (Gereformeerde) Skoolonderwys. Dit is 'n vereniging wat al 26 jaar

bestaan en waarvan 'n dosyn skole lid is. As 'n mens beraam dat daar in die GKSA oor die hele Suid-Afrika ongeveer 12 000 skoolgaande kinders is (waarvan meer as 3 000 net in Pretoria), dan is dit duidelik hoeveel skole nog tot stand behoort te kan kom. Na raming is van die 12 000 tans slegs om en by 5% in Arso-skole.

Hoeveel handboeke moet daar nog kom? Vir graad 1 tot en met graad 12 is ongeveer 200 boeke nodig. Vanjaar is die mikpunt om by 100 boeke uit te kom. Dan is ons halfpad. As die Here dit gee, sal die volgende 100 nog 'n jaar of vyf neem. Daarna is dit 'n kwessie van deurlopende opgradering en verfyning.

Aros

Aros staan vir Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies. Dit het vier jaar gelede in samewerking met Potchefstroom se Fakulteit vir Opvoedingswetenskappe tot stand gekom om onderwysers op te lei deur die aanbieding van die B Ed-graad. In die eerste jaar was daar eers drie en toe twee studente. Hulle kry nou hulle graad. Intussen het die getal studente tot meer as 120 (in 2008) aangegroei. Na verwagting sal hierdie groei onverpoosd voortduur. Die tekort aan onderwysers in die land word op 30 000 beraam. Die tekort aan goeie, besielde en gereformeerde onderwysers is veel en veel groter.

Waar Arso steeds afhanklik is van kollekte en donasies, is Aros tans min of meer selfvoorsienend wat betref sy lopende uitgawes. Aros het egter 'n vinnig groeiende behoefte aan eie fasiliteite. Vir eie lesinglokale, kantore, 'n biblioteek en ook tersiêre akademiese status onafhanklik van Potchefstroom, is miljoene nodig.

Ebenhaeser

Tot hiertoe het die Here ons gehelp (1 Samuel 7:12). Hy sal voortgaan om dit te doen. Ons moet in afhanklikheid van Hom, volgens sy wil, bly werk. Dan sal Hy ons nie op óns manier bystaan nie, maar op sy manier, volgens sy heilsplan. Mag ons dan dankbaar deel van sy heilsplan wees en in sy diens bly staan.

PERSSKOU

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

Kerk, ekumene en sending

Ds Eugene Viljoen skryf in *Kompas* van Desember 2007/Januarie 2008 oor bogenoemde saak. In aansluiting by die Fokus-artikel van ds Venter oor multikultureel handevat in die kerk, word hier 'n insiggewende perspektief gestel.

Ds Viljoen skryf:

Dit mag vir ons lyk asof hierdie drie sake (kerk, ekumene en sending) 'n eenheid vorm wat onbreekbaar is. En dit hoort ook wel so. In die huidige denke wêreldwyd oor sending is die plek van die kerk in hierdie (drie-)eenheid glad nie meer so seker nie. Die kerk verdwyn byna geheel uit die prentjie. In die plek daarvan kom die koninkryk van God te staan. Een van die opvallendste gevolge is dat gemeentestigting en die gepaardgaande toevoeging van bekeerlinge tot die kerk, glad nie meer die prioriteit kry wat dit behoort te geniet nie. Verskuiwings in die verstaan van wat ekumene in hierdie verband is, bly nie uit nie.

Voordat nog enige betekenisvolle woord gesê kan word oor die kerk se plek in sending, behoort ons aandag te hê vir God wat die wêreld só liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun na die wêreld gestuur het. Die Eerste wat stuur en kom, is God Self. God self het in hierdie wêreld 'n sending. Heel mooi is die inset van die Dordtse Leerreëls by hierdie sending van God. In die eerste hoofstuk paragraaf 2 word by God se sending in hierdie wêreld begin as antwoord op die mensdom se vloek onder die sonde.

Daarby laat die Here God dit nie. Christus self skakel sy dissipels/ apostels by hierdie Goddelike sending in wanneer Hy hulle uitstuur net soos die Vader Hom gestuur het. Op hierdie fondament van die apostels en profete word die kerk van Christus verder gebou. Hierdie bouwerk is kerk-werk. Daarmee bedoel ek dat dit die kerk self is wat, vervul met die krag van die Gees, bou aan die woonplek

van God op aarde. Die gelowiges word in die huis ingebou, maar bou tegelyk self ook aan die huis.

Dit het mode geword om van Christus se gemeente te praat as 'missionêre' gemeente. Dit is nie onbelangrik dat op hierdie manier die sendingstaak wat aan die gemeente verbind is, na vore gebring word nie. Die gemeente is nie net missionêr nie, maar dit vertel wel iets baie belangriks oor die karakter van die gemeente en haar roeping. Ons mag en behoort te sê dat dit deel van die wese van gemeente-wees is om te leef met die bewuste roeping om Christus se aanspraak op die wêreld en sy mense ook buite eie gemeente bekend te maak.

Die verkondiging van Christus ook buite eie gemeente sou kon beteken dat ons dit op ons eie kerklike voorstoep doen of verder weg van eie adres. Die een gemeente sal moontlikhede hê wat die ander nie het nie. Ons hoef ook nie só 'n klem te plaas op die roeping

van die plaaslike gemeente om die evangelie na buite uit te dra asof elke gemeente per definisie moet begin werk aan 'n groot evangelisasie-projek nie.

Dit is in hierdie verband dat die verhouding ekumene en sending konkreet gestalte kan kry. Elke gemeente behoort doelbewus en aktief gawes, tyd, middele (ook finansieel) en energie te rig op die missionêre roeping van die gemeente. Dit beteken nog nie dat elke gemeente besig hoef te wees met 'n eie projek nie. Deeglike aanpak van sending- en evangelisasie-programme vra nie net baie aandag nie, maar veral ook volgehoue aandag. Of die drakrag in een enkele gemeente altyd aanwesig is, is te betwyfel. Samewerking juis om die evangelie uit te dra is altyd 'n baie mooi

manier waarop die ekumene gestalte kry.

'n Oordrewe selfbewussyn van die plaaslike gemeente se belang het al baie daartoe gelei dat die sig op die ekumene spesifiek in die sending nie goed ontwikkel is nie. Ons hoef nie daarvan uit te gaan dat al die gawes en middele wat nodig is om op 'n verantwoorde manier sending – evangelisasie te doen, in enige spesifieke gemeente teenwoordig moet wees nie. Dit is baie mooi as 'n gemeente so ryklik deur Christus geseën is met gawes. Die werklikheid is dat daar min gemeentes is wat beskik oor die gawes wat nodig is om oor 'n langer termyn met 'n sendingprojek vol te hou.

Die beperktheid van gawes kom soveel te meer na vore wanneer daar verder gepoog word om oor kultuurgrense heen na mense uit te reik. Laat ons eerlik wees – noodsaaklike kundigheid ontbreek dan dikwels en die afwesigheid van kundigheid kan selfs die evangelie grootliks skade berokken. Hoe mooi is dit dan as in die sendingwerk die eenheid in die geloof tussen kerke uitdrukking kan kry. Kerke kan mekaar op 'n baie konkrete manier bystaan in die uitdra en verdediging van die geloof op plaaslike, nasionale en selfs internasionale vlak. Die band tussen sending en ekumene is hierin vanselfsprekend.

Hierdie uitgangspunte in die sendingwerk kan en moet ewe goed toegepas word op die evangelisasiewerk. Dit is daardie werk wat ons dikwels nader aan eie kerklike huis doen. Die meeste kerke sukkel om op 'n konstruktiewe manier aan die gang te kom met georganiseerde uitreik-aksies met die evangelie. Op 'n beskeie manier wil ek met hierdie skrywe besinning vra oor die moontlikhede van samewerking tussen kerke onderling en binne bestaande kerkverbandelike strukture. Daar is werk genoeg, geleenthede te veel en gawes genoeg, as ons maar almal bereid sal wees en bly om nie vanuit ons eie kleiner (plaaslike) kerklike verwysingsraamwerk te dink nie.

Die GKSA het in hierdie opsig heelwat om oor te besin. Daar word in talle plaaslike kerke baie aan sending- en evangelisasiewerk gedoen. Verskeie berigte het al daarvoor in *Waarheid en Dwaling* verskyn. Dit lei geen twyfel dat plaaslike kerke sendende kerke moet wees nie. Daarvan is die optrede van die christelike kerke waarvan ons in die Nuwe Testament lees genoegsame bewys. Maar sou dit nie goed wees om in meerdere vergaderinge meer indringend hieroor te besin en sodoende die werk in die plaaslike kerke te bevorder en versterk nie? Daar is baie sinodale deputaatskappe op allerlei terreine aan die werk. Deputate vir Sending en Evangelisering sou na my mening een van die mees belangrike wees. Sulke deputate kan met groot vrug in oorleg met Deputate vir Ekumeniese sake in die binne- en buiteland saamwerk.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: *Waarheid en Dwaling*

Dr GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Dr HS van der Walt
Mev JC de Wind
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: gerardjmeijer@gmail.com
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

Administrasie-adres:
Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 19:00)
e-pos: jdirkdas@magalies.net

Intekengeld:
R150 per jaar en addisionele bydraes
kan inbetaal word by:
Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031